# DIE Pad Saam

GRATIS
Uitgawe 46 • Desember 2017 | Januarie 2018



Geseënde Kersfees & Voorspoedige 2018

## Wees ingelig oor **vergiftiging**

## Wees teikenspesifiek met roofdiere

## **NTK Gholfdag** ten bate van **plaasveiligheid**

# **Aspersie**-projek

kan **goue toekoms** verseker

# Die McHale is ‘n beer van ‘n baler

## Uitstekende werkverrigting

Omdat dit ’n swaardiensbaler is, gebou met dikker en stewiger materiaal as normaalweg, is sy lewensduur ook baie langer as gemiddeld. Wat hy dus bied, is uitstekende werkverrigting met ’n baie lang lewensduur, veral op mieliereste en soortgelyke plantmateriaal, waar ’n mens dikwels baie sand deur die masjien kry. ’n Eienskap van die baler wat baie tyd en frustrasie spaar, is die manier waarop verstoppings hanteer word. Die baler is met ’n valdeurmeganisme toegerus wat deur die rekenaar oopgemaak word sodat die verstoppende materiaal onder by die baler uitgestoot kan word. Omdat die aksie deur die rekenaar beheer word, is dit nie nodig dat die operateur onder die baler moet in om plantmateriaal uit te krap nie. In Suid-Afrika is twee modelle beskikbaar, sê André, naamlik die McHale F5400 en F5500. “In beginsel is dit dieselfde baler met ’n opteldrom van 2,1 m en albei is met swaardiens-dubbelrollaers, 50 mm aste en swaardiensratte en kettings toegerus. Verder beskik albei oor ’n maklik bereikbare sentrale smeerstelsel. Albei het ook 18 rollers, wat ’n swaar, hoëdigtheidsbaal verseker.”

## Netbindingstelsel

Omdat die bale so swaar is, word van ’n netbindingstelsel gebruik gemaak. Hierdie netbindingstelsel het die vermoë om die spanning só aan te pas dat die baal sy vorm behou en die netmateriaal optimaal gebruik word. Dit het die kapasiteit om netrolle van tot 1 300 mm te neem.
“Die netbinding,” verduidelik André, “maak dit moontlik dat die baal baie meer hanteer kan word as normaalweg, en dit maak dit ook heelwat makliker om die bale te hanteer omdat dit so stewig toegerol is.” Die enigste wesenlike verskil tussen die F5400 en die F5500, sê hy, is die stel van 15 messe waarmee die F5500 toegerus is om die plantmateriaal in lengtes van 65 cm te kerf voordat dit in die baalkamer ingaan. Hierdie funksie is veral gewild by massavoerders soos voerkrale omdat dit die bale nog swaarder maak en die mengtyd van die finale rantsoen drasties verkort. Die snyfunksie kan deur die rekenaar gekanselleer word indien ’n mens dit sou verkies. Verder is die 5500 ook met ’n bykomende outomatiese olie- en ghriesstelsel toegerus.

## Unieke beheerpunt

Die F5500 is verder met ’n sogenaamde Wizard Plus-beheerkonsole toegerus waarmee die masjien se onderskeie funksies beheer kan word. Die konsole het ’n maklik-leesbare grafiese skerm waarvandaan die antiverstoppingsvaldeur, snyfunksie en mesposisie in die trekkerkajuit geselekteer kan word. Dit bied ook baaltellings, óf per dag óf oor die masjien se leeftyd. Die Wizard Plus is verder toegerus om die smeringstatus op die baler te moniteer, en ’n alarm gaan af as die operateur die olie- en ghriesvlakke moet nagaan en aanvul. Die alarm kan ook gestel word om af te gaan nadat ’n vasgestelde aantal bale gemaak is. Kyk ’n mens na al hierdie funksies en eienskappe van die McHale F5000-reeks van balers, sê André, is dit duidelik dat dit in ’n ander klas is. As daar kompetisie in die mark is, gaan dit oor wie tweede in die ry staan, ná die McHale.








# KRONE



Krone is 'n gevestigde handelsnaam in die landbou vir meer as 'n eeu. Wat begin het as 'n klein ystersmid-onderneming in 1897 het vandag ontwikkel tot die sterkste vervaardiger van gespesialiseerde hooimaaktoerusting. 'n Perfekte verwantskap tussen innovasie en 'n goeie verhouding met die kliënt het gelei tot die kwaliteitprodukte wat Krone vervaardig. Alles begin deurdat die Krone-ingenieurs self met die kliënt en verspreiders praat en saam die behoeftes en neigings in die mark bestudeer. Daarna word die ontwerp met die mees gevorderde rekenaartegnologie gedoen en die werking van die produk voorgestel. Die volgende stap is om 'n prototipe te vervaardig en word dan vir 'n paar jaar getoets totdat die finale produk reg is vir produksie. In 1973 het Krone die rondebaler bekendgestel met 'n geslote baalkamer wat met behulp van 'n eindelose ketting- en staafstelsel sorg vir 'n betroubare en konstante baalrotasie.

Daar is natuurlik ander konsepte wat Krone kon gebruik om die baal te vorm. Die vraag is waarom het hulle die ketting- en staafstelsel gekies? Om die vraag te antwoord moet daar na die verskil tussen 'n ketting- en staafstelsel en 'n rollerstelsel gekyk word




Krone het homself bewys as baie betroubaar in die moeilikste toestande om stywe en goed gevormde strooi-, hooi- of kuilvoerbale te vorm en vir die boer presies te gee wat hy nodig het naamlik:

- Lae dryfkrag benodig
- Lae brandstofverbruik
- Hoë baaldigtheid
- Beperkte verliese uit baalkamer (2 - 7 %)
- Lae onderhoud

Die baanbreker in balertegnologie vandag is die Krone Comprima wat toegerus is met al die tegnologie wat Krone deur hul jare se ondervinding ontwikkel het. Weereens is die fokus op die boer se behoeftes en beskik die Krone Comprima-baler oor die volgende innoverende eienskappe:

- "Cam trackless EasyFlow pickup"
- "NovaGrip belt" met horisontale stawe

Die stelsel lewer aansienlike swaarder bale en verhoog die spoed waarteen gebaal word terwyl slytasie en onderhoud verminder word. Die "EasyFlow pickup" tesame met die 2.15 m werkwydte kan tot 30% vinniger werk en kan gemaklik groter windrye hanteer. Die belt sorg ook dat die baler stiller werk. Drie verskillende baalkamers is beskikbaar naamlik: Vaste-, varieerbare/vaste-, en vol varieerbare baalkamer. Met die varieerbare balers kan verskillende grote bale gemaak word van 1.20 m tot 1.50 m.
Met die Krone Comprima se unieke ontwerp word die baal al van 'n klein diameter gekompakteer en verhoog die kompaksie soos die baal groter word.



Operateurgemak en optimale beheer is natuurlik een van die belangrikste vereistes. Die Krone Comprima word toegerus met 'n gebruikersvriendelike beheerskerm, maar is ook standaard toegerus met 'n ISOBUS-rekenaar en kan dus direk aan 'n ISOBUS-toegeruste trekker gekoppel word.
Die Comprima-baler is toegerus met 'n netbindmeganisme. Om die baal met net te bind verlaag die totale produksiekoste, versnel die baalproses en verminder slytasie. 'n Baal in net gebind is ook meer beskut teen die elemente en kan dus langer gestoor word.

# INHOUD


22-25
Wees ingelig oor vergiftiging


26
Bemesting vanaf 'n rekordoes na 'n moontlik minder goeie seisoen


18-20
Wees teikenspesifiek met roofdiere


**Uitgewer:**
VKB en NTK

**Redakteur:**
Hannelie Cronjé
Posbus 100
Reitz 9810
Tel. 058 863 8223
hanneliec@vkb.co.za

**Eindredakteur:**
Koos Janse van Rensburg

**Ontwerp en Uitleg:**
Ryno Steyn (VKB)

**Taalversorging:**
Lize Mulder

**Druk:**
Oranje Drukkers, Senekal

**Advertensies:**
Hannelie Cronjé (VKB)
hanneliec@vkb.co.za
Sel. 083 303 6117



*Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.*


Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**


| | |
|---|---|
| 6 | Voorwoord |
| 8-9 | Halfjaarresultate |
| 10 | Besigheidsoerwoud: Volstruis |
| 12-13 | Die roomafskeier en voedselsekuriteit |
| 14-16 | Ongelykhede in welvaart: Verbind die kolletjies! |
| 17 | Verstaan en bestuur risiko in 'n boerderyonderneming |
| 18-20 | Wees teikenspesifiek met roofdiere |
| 22-25 | Wees ingelig oor vergiftiging |
| 26 | Bemesting vanaf 'n rekordoes na 'n moontlik minder goeie seisoen |
| 28-30 | Aspersie-projek kan goue toekoms verseker |
| 32 | Sakata |
| 34-37 | Gesondheid: Jig |
| 38-40 | Kinderhoekie: Drie kamele vir Kersfees |
| 42-43 | NTK Gholfdag ten bate van plaasveiligheid |
| 44-45 | Bieliemielie 2018 |
| 46-49 | VKB/NTK Nuus |
| 51 | Selfoon-app |



34-37
Gesondheid: Jig


12
Die roomafskeier en voedselsekuriteit


28-30
Aspersie-projek kan goue toekoms verseker



# Watter geskenk kies jy?

Ek was amper geskok toe ek teen einde Oktober sien hoe die groot kettingwinkelgroepe en winkelsentrums Kersversierings begin uitpak en ophang. Ek kon net nie glo dat ons al gereed maak vir Kersfees 2017 nie!

Dit voel soos net nou die dag wat ons die Bieliemieliefees – VKB se eerste regtig gróót geleentheid van die jaar – gehou het. En soos net eergister wat die VKB Rugbyweek plaasgevind het, en dit was in die Junie-skoolvakansie. En hier is dit skielik sommer tyd vir Kersfees!

Nou word 2018 se dagboeke gedruk, 2018 se kalenders gesinchroniseer vir vergaderings en geleenthede en planne vir 2018 se Bieliemieliefees is fluks aan die gang.

Almal sê elke jaar dat hulle op 23 Desember die belofte aan hulself maak dat hulle volgende jaar deur die loop van die jaar hul Kersinkopies gaan doen, want op die ou einde koop 'n mens 'n klomp goed – ten duurste – net omdat jy so desperaat is om net vir elkeen 'n geskenk te gee. Ons familie is 'n groot familie wanneer ons almal saamkuier vir Kersfees. Daarom het ons besluit elkeen koop net een geskenk ter waarde van R100 op die meeste. Alles word in een boks gesit en elkeen haal vir hom- en haarself daar 'n geskenk uit. En meeste van die tyd is jy aangenaam verras met wat jy kry.

Maar die malligheid in die winkels en al die advertensies oor Kersfees-aanbiedinge met van sjokolade tot motors, het my aan die dink gesit oor geskenke en die gees van Kerstyd.

As jy sou kon pakkies opmaak met geskenke wat nié met geld gekoop kan word nie, watter geskenke sou jy opmaak?

Ek dink ek sou tyd in 'n boks wou sit. Nie net meer tyd om alles te doen wat ek móét doen nie, maar ook tyd vir dit wat ek graag sou wóú doen. Meer tyd saam met familie, saam met vriende, in die veld, by die see, om 'n braaivuur. Meer tyd saam met my ouers wat vinnig oud en swak word. Meer tyd saam met my drie dogters wat binne 'n oogwink grootmense geword het en elkeen haar eie pad stap.

En stel jou voor jy kon simpatie, empatie, meegevoel en medelye sommer saam in 'n sakkie sit om vir almal te stuur wat deur 'n hartseer tyd gaan. Of om iemand te help om te verstaan dat ander mense se omstandighede van joune verskil en dat jy hulle nie kan beoordeel of veroordeel nie omdat jy nog nie in hulle situasie was nie. Ja, ek sal sommer begrip ook in daardie sakkie sit – begrip vir ander mense se omstandighede.

En 'n blikkie hoop vir diegene vir wie dit lyk asof die reën nooit gaan kom nie; of die lig nooit weer in die tonnel gaan skyn nie. Vir iemand wat langs die siekbed van 'n geliefde staan; wat hul hoop op God plaas om daardie persoon gesond te maak, op die dokters wat die regte behandeling moet toepas. Hoop dat wat ook al nóú maak dat jy dink dit nooit weer beter sal gaan nie, sal weggaan en dat dinge tóg sal regkom en ten goede sal uitwerk.

En wat van drukkies? Nee, eintlik sulke lekker vet drukke vir iemand ver wat vandag net moet weet jy dink aan hom of haar en dat jy hulle graag teen die seerkry van die lewe sou wou beskerm. Soms is dit net 'n drukkie van bemoediging wat iemand wat ontnugter of ontmoedig is, nodig het om weer in die lewe en mense se goedheid te glo.

Ek sou selfs 'n bakkie geloof wou toedraai en onder die Kersboom sit met die hoop dat iemand wat God se genade nie ken of erken of herken nie, daardie pakkie sal kies. Dit voel soms asof te min mense hulle nog aan God en sy gebod steur, en nie daardie tien goue riglyne wat Hy vir ons in die Tien Gebooie gee, volg of nakom nie.

En dan liefde. Maar liefde is te groot om toegedraai te word! Dié sprinkel 'n mens sommer so bo-oor alles – van 'n glimlag wat jy met liefde gee tot 'n bord kos wat met liefde gemaak is; vergifnis omdat jy vir iemand lief is en hulle daarom nog 'n kans gee; blydskap oor 'n ander se suksesse en welvaart omdat jy vir hulle lief is en vir hulle net die beste wens.

As jy al hierdie pakkies onder 'n Kersboom sien, watter een sal jy kies?

Mag Kersfees 2017 vir elkeen van ons 'n tyd van vreugde wees. Mag ons almal omring word met mense wat vir ons lief is. Mag dit 'n tyd van vrede wees. En mag 2018 in geheel 'n jaar van voorspoed wees, al is daar dalk klein hobbeltjies in die pad wat ons moet oor.



# FEESTYD IS FAMILIETYD!

Monsanto wens jou en jou geliefdes 'n feestyd gevul met liefde, lag en saamwees.

Mag elke dag vreugde inhou en die nuwe jaar geseën wees met nuwe geleenthede en die geesdrif om die meeste van elke dag te maak. Monsanto sien daarna uit om elke geleentheid saam met jou aan te pak.

**Kersfees ... 'n tyd om ons seëninge te tel.**

Kontak gerus ons kliëntediens by: 011 790-8200 of customercare.sa@monsanto.com
Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

uppe marketing A17198

# VKB Groep maak rekordhalfjaar-resultate bekend


Die VKB Groep is dankbaar om rekordhalfjaarresultate bekend te maak vir die ses maande wat geëindig het op 30 September 2017. Die maatskappy het 'n wins voor belasting en aansporingkortings van R289 miljoen vir die ses maande behaal. Dit is bykans drie keer meer as die vorige jaar se halfjaarresultate waar 'n wins van R102 miljoen behaal was.

Gedurende die vorige finansiële jaar het VKB se landboudivisies goeie resultate behaal ten spyte van die groot droogte, maar die nywerhede het groot verliese gely as gevolg van die hoë grondstofkoste en die pluimveebedryf wat in 'n absolute krisis gedompel was.

Wat die huidige jaar betref, behaal bykans alle bedrywighede voortreflike resultate. Die graanafdelings het gebaat by die rekordoes wat gedurende die winter gestroop is. Die rekordoes het die grondstofpryse vir die nywerhede afgedwing wat die winsgewendheid van die nywerhede grootliks herstel het. VKB het die nuwe jaar binnegegaan met klein hoeveelhede grondstowwe wat nog hoog geprys was, maar toe dit uitgewerk was, het die nywerhede se resultate drasties verbeter. Die groep se pluimveebedryf is gelukkig nie direk geraak deur voëlgriep nie, maar die beperkte beskikbaarheid van dagoudkuikens plaas wel 'n demper op resultate wat selfs nog beter kon wees as die normale volumes kuikens beskikbaar was. Die VKB Groep se diversifikasiestrategie en die feit dat die landboudivisies sowel as die nywerhede goed presteer, gee die platform waarop die rekordresultate gebou is.


Die prognose vir die res van die jaar lyk uiters belowend. Met bykans al ons silo's wat tot oorlopens toe vol is, lae grondstofpryse vir die nywerhede, stabiliteit in die pluimveebedryf en maalbedryf, sien VKB uit na 'n rekordwinsjaar wat op 31 Maart 2018 sal sluit.


**Die volgende grafieke vergelyk die September-2016 en September-2017 resultate**
















vkb ntk AES Agri-Enviro Solutions GRAINFIELD CHICKENS vkb foods crown BAG FSoil

# Halfjaarresultate: September 2017

## Bedrae in miljoen behalwe waar anders aangedui

| | Geouditeer 2016 31 Maart 12 maande R'm | Geouditeer 2017 31 Maart 12 maande R'm | Ongeouditeer 2016 30 September 6 maande R'm | Ongeouditeer 2017 30 September 6 maande R'm |
|---|---|---|---|---|
| **STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE** | | | | |
| VERKOPE | 9,488 | 10,957 | 6,836 | 7,625 |
| BEDRYFSWINS | 489 | 365 | 236 | 403 |
| RESULTATE VAN GEASSOSIEERDES | 14 | (1) | 2 | 3 |
| FINANSIERINGSKOSTE | (168) | (241) | (137) | (117) |
| BELEGGINGSINKOMSTE | 11 | 9 | 1 | 1 |
| **WINS VOOR AANSPORINGSKORTING EN BELASTING** | 346 | 132 | 102 | 289 |
| **STAAT VAN FINANSIëLE POSISIE** | | | | |
| NIE-BEDRYFSBATES | 1,581 | 1,911 | 1,593 | 1,707 |
| BEDRYFSBATES | 4,261 | 4,372 | 4,298 | 3,551 |
| TOTALE BATES | 5,842 | 6,283 | 5,891 | 5,258 |
| AANDELEKAPITAAL | 1,525 | 1,665 | 1,481 | 1,592 |
| RESERWES | 371 | 212 | 411 | 524 |
| TOTALE EKWITEIT | 1,896 | 1,877 | 1,891 | 2,116 |
| MINDERHEIDSBELANG | 92 | 68 | 52 | 81 |
| NIE-BEDRYFSLASTE | 386 | 645 | 404 | 626 |
| BEDRYFSLASTE | 3,468 | 3,694 | 3,543 | 2,435 |
| TOTALE EKWITEIT EN LASTE | 5,842 | 6,283 | 5,891 | 5,258 |
| **WINSGEWENDHEID EN PRODUKTIWITEIT** | | | | |
| OPBRENGS OP TOTALE BATES | 9% | 6% | 8% | 15% |
| OPBRENGS OP AANDEELHOUERSBELANG | 18% | 7% | 11% | 27% |
| BATE-OMSETSNELHEID (aantal keer) | 1.90 | 1.75 | 2.20 | 2.72 |
| BEDRYFSWINS AS % VAN INKOMSTE | 5% | 3% | 3% | 5% |
| **SOLVENSIE EN LIKIDITEIT** | | | | |
| EIE KAPITAAL-VERHOUDING | 32% | 30% | 32% | 40% |
| TOTALE BATES TOT TOTALE LASTE | 1.52 | 1.45 | 1.49 | 1.72 |
| RENTEDEKKING (aantal keer) | 3.06 | 1.55 | 1.74 | 3.47 |
| BEDRYFSKAPITAALVERHOUDING | 1.23 | 1.18 | 1.21 | 1.46 |
| VUURPROEFVERHOUDING | 0.84 | 0.86 | 0.77 | 1.07 |

**Nota: Verhoudings is verwerk na 12 maande waar van toepassing**



# Volstruis

deur André W. Diederichs



Die agste sakeles wat bespreek word, is die belangrikheid van veelvuldige kontantstrome en dit word verbind met die volstruis. Volstruise mag voorkom as 'n oninteressante spesie, maar dit is 'n waardevolle bron vir mense. Hulle weeg gewoonlik tussen 93 en 130 kg, hoewel sommige volstruismannetjies al tot 155 kg geweeg het. Volstruismannetjies kan tussen 1,8 en 2,7 m lank word terwyl die vroulike spesie tussen 1,7 en 2 m lank word.

Volstruise kom voor in Suidelike-Afrika – die suidelike volstruis, in Noord-Afrika – die Noord-Afrika volstruis, asook in Oos- en Midde-Afrika – die Arabiese volstruis.

Volstruise kan tot 75 jaar lewe en is die vinnigste tweebeendiere op aarde. Hulle kan meer as 65 km/h hardloop en 'n konstante spoed van 50 km/h handhaaf.

Is dit vir 'n klein onderneming moontlik om binne sy eerste jaar winsgewend te word, veelvuldige kontantstrome te skep en ook sy mededingers te klop? Kom ons leer by die volstruis.

Die volstruis is die grootste voël op aarde en kan in uiterste temperature oorleef, van baie koud tot baie warm. Minder as 10% van volstruiseiers sal egter uitbroei, net soos wat slegs 'n klein persentasie nuwe sake-idees suksesvol geïmplimenteer word. Volstruiskuikens wat wel oorleef, is reeds op een jaar volgroeid.

Statistieke oor entrepreneurs dui daarop dat slegs tussen drie uit elke 100, en in die beste scenario, sewe uit elke 100 mense in verskillende gemeenskappe entrepreneurs word. Dis in lyn met die 10% van volstruiseiers wat uitbroei.

Om winsgewend binne jou eerste jaar te word, is slegs moontlik met omvattende beplanning – van konseptualisering tot implimentering. Om 'n sake-idee te implementeer sonder behoorlike beplanning en marknavorsing is 'n resep vir mislukking, en die rede waarom so baie nuwe sakeondernemings tydens die ontwikkelingsfase misluk – voordat dit 'n kans gekry het om wasdom te bereik.

Wanneer 'n volstruis volwasse is, stel sy natuurlike instinkte hom in staat om vir baie jare te oorleef. Met sy uitstekende sintuie kan die volstruis roofdiere soos leeus op lang afstande sien of hoor en wanneer dit gejag word, kan die volstruis 'n snelheid van tot 70 km/h behaal. Dit beteken dat hierdie voël vir die meeste roofdiere kan weghardloop, selfs vir leeus wat net 'n maksimum spoed van 59 km/h kan bereik! Jagluiperds kan so vinnig soos volstruise hardloop, maar sal nie maklik 'n uitgegroeide volstruis kan plattrek nie.

In 'n sakeonderneming moet jy bewus wees van bedreigings asook geleenthede, en moet jy vinnig kan optree om die bedreigings af te weer en geleenthede op te volg. Sakeondernemings kan so hul mededingers uitstof en die 'sakewedloop' wen. Bill Gates het by geleentheid gesê dat ondernemings teen die spoed van 'n gedagte moet reageer ("Business happens at a speed of thought.").

Net soos wat die volstruisbedryf veelvuldige produkte lewer – van eiers as aandenkings en cholesterolvrye vleis tot vere en duursame leerprodukte – kan 'n sakeonderneming meervoudige produkte en dienste bied om so verskillende kontantstrome te skep. Sodoende sal 'n onderneming 'n gesonde kontantvloei kan handhaaf wanneer die vraag na 'n bepaalde produk of diens afneem.

Waak egter daarteen om nie betrokke te raak by nuwe produkte en dienste buite jou bedryf om verdere kontantstrome te skep as jy nie kundigheid het, of kan bekom oor die nuwe produkte of dienste nie. Kliënte wil weet dat jy 'n kenner is in jou bedryf en vir hulle sinvolle raad kan gee oor hulle keuses van produkte en dienste. Onthou die geykte bemarkingswaarheid: "If you want to broaden your appeal, you need to narrow your focus." Daar moet dus deskundiges wees vir die verskillende produkte en dienste.

Die uitdrukking "steek jou kop in die sand soos 'n volstruis" verwys na die neiging om 'n probleem te ignoreer met die hoop dat dit bloot sal verdwyn. Dit kan baie toepaslik wees as 'n sakeonderneming sy probleme nie wil raaksien nie, pleks daarvan om die uitdagings trompop aan te spreek. Soos 'n les geneig is om dit self te herhaal totdat die les geleer is, net so sal 'n probleem nie verdwyn alvorens dit aangespreek is nie.

In die geval van die volstruis is hierdie gesegde egter ver van die waarheid. Wanneer 'n volstruis vir roofdiere wegkruip, hou hy sy kop en nek plat teen die grond en steek sy bene onder sy vere weg, sodat sy lyf op 'n afstand soos 'n bos of hoop grond lyk. 'n Sakeonderneming kan sy mededingers op dieselfde wyse klop deur 'n lae profiel te handhaaf en dan eers sy ware kleure te wys wanneer hy sy volle potensiaal bereik het en dit dan te laat vir mededingers is!

VANDAG SE
BOERE IS
MEER AS
NET BOERE.

KINGJAMES 34356A




Die moderne boer staar talle uitdagings in die gesig en moet verskillende baadjies dra om hulle te oorkom. Jy sien om na jou plaas, jou werkers, jou bates, jou huis en jou gesin. Santam verstaan hoe baie van jou verwag word en daarom neem ons 'n wetenskaplike benadering tot die beskerming van jou oeste, sowel as jou boerdery- en persoonlike bates. Want ons glo jy verdien uitsonderlike versekering.
**Vir meer inligting, bel jou makelaar of besoek www.santam.co.za/products/agriculture.**
**Santam. Regte, egte versekering.**

Santam landbou

Santam is 'n gemagtigde finansiële-diensverskaffer (lisensienommer 3416).

# Die roomafskeier
## en voedselsekuriteit

deur dr. Philip Theunissen

Gustaf De Laval is op 9 Mei 1845 in Swede gebore en gradueer in 1866 as ingenieur. Masjiene het hom altyd geïnteresseer en sy uitvindings in die melkbedryf was só omvangryk dat hy as die Thomas Edison van Suiwel bekend staan.

Voor 1878 is room, wat in grootmaat vir die maak van botter gebruik is, hoofsaaklik met gravitasie van melk geskei. Hierdie proses was baie stadig, die room het dikwels suur geword en die skeiding was nie baie volledig nie. 'n Uitvindsel van De Laval, die sentrifugale roomafskeier, het egter hierdie oneffektiewe metode vervang. Hoewel die beginsel om room en melk te skei deur die melk in die rondte te draai nie by De Laval self ontstaan het nie, was hy die man wat 'n masjien ontwerp het waarmee dit gedoen kon word.
Reeds in 1859 het 'n Duitse bierbrouer melk en room van mekaar geskei deur 'n regopstaande vaatjie wat met melk gevul was, al in die rondte te draai. Wanneer die vaatjie tot stilstand gebring was, kon die room, wat dan bo-op gedryf het, afgeskep word. De Laval het van die Duitser se metode te hore gekom en sy samewerking aangebied. Die bierbrouer het egter nie belang gestel nie en De Laval het alleen verder met dié gedagte geëksperimenteer.

Sy eerste masjien het uit 'n klomp klein emmertjies bestaan wat ondertoe gehang het. As die masjien gedraai word, het die emmertjies 'n horisontale posisie ingeneem. Die room, wat ligter as die melk is, het dan na die middel beweeg en ná 'n ruk is die masjien gestop en die room is afgeskep.



Hierdie masjien was baie stadig, maar De Laval het aanhou eksperimenteer. Kort voor lank het hy die emmertjies met 'n deurlopende stroom melk vervang wat geroteer en geskei is terwyl dit deurvloei. Dit het 'n konstante stroom room deur een tuit en 'n konstante stroom afgeroomde melk deur 'n ander tuit tot gevolg gehad. Vandag se moderne industriële grootmaatroomafskeiers werk steeds op dié basis wat De Laval met baie geduld en deursettingsvermoë verfyn het.

De Laval se deurvloeiende sentrifugale roomafskeier is 'n masjien wat room uit volroommelk verwyder op die beginsel dat afgeroomde melk swaarder as room is. Die roomafskeier bestaan uit 'n swaaier in die vorm van 'n vinnig roterende bak met 'n stel keëls daarin wat opmekaar lê. Soos wat die volroommelk bo inloop, versprei die melk deur 'n reeks openinge. Dit het tot gevolg dat dun films melk deur die keëls geforseer word waar dit dieselfde spoed as die roterende bak bereik. Die melk, wat swaarder is, word buitentoe uitgewerp terwyl die room, wat ligter is, in die middel konsentreer waar dit ondertoe vloei. Hierdie metode laat minder as 0,01% bottervet in die afgeroomde melk agterbly.

De Laval se roomafskeier was van meet af 'n groot sukses en binne enkele jare nadat hy dit gekommersialiseer het, het dit 'n revolusie in die suiwelindustrie tot gevolg gehad. Romerye, kaasfabrieke en bottervervaardigers het met dié nuwe uitvindsel soos paddastoele opgespring en tot 'n omvangryke industrie ontwikkel wat ongekende welvaart vir die suiwelproduserende areas van Europa geskep het. Die roomafskeier het klein melkboere, wat met die hand gemelk het, in kommersiële produsente omskep, bloot omdat die sentrifugale manier van afskeiding toe vinniger en effektiewer as die gravitasiestelsels was. Saam met die Babcock-toets, 'n uitvindsel wat bottervet in melk bepaal, het dit die grondslag vir die ontwikkeling van die moderne melkbedryf gelê en 'n reusebydrae tot voedselsekuriteit gelewer terwyl dit werk vir miljoene mense geskep het. De Laval het sy roomafskeier in 1879 in Engeland gaan demonstreer en is met 'n silwermedalje deur die Royal Agricultural Society of England beloon. Met verloop van tyd het hy nog meer toekennings ontvang. Die Koning van Swede het hom met die Cross of the Order of Wasa bekroon en hom ook tot ridder geslaan. Hy het egter nie op sy louere gerus nie en meeste van sy tyd verwyl deur sy roomafskeier verder te verfyn en ook ander masjiene te ontwikkel. Hy het 'n groot fabriek in Stockholm opgerig en sy roomafskeiers op groot skaal vervaardig. In 1883 het hy ook die stoomturbine, waarmee elektrisiteit opgewek kon word, ontwikkel wat net soveel tot sy roem as die roomafskeier bygedra het.

De Laval het ook in 1894 die eerste meganiese melkmasjien ontwerp. Dit was maar net nog een van altesaam 92 ontwerpe wat deur hom gepatenteer was. Hierdie ontwerpe is in 37 maatskappye vervaardig. Hy was 'n uitmuntende uitvinder maar ook 'n man wat geen beperkings geken het in wat met deeglike navorsing vermag kon word nie.

Gustaf De Laval is in 1913 oorlede. Hy was nooit 'n baie ryk man nie, maar hy het 'n ryk nalatenskap vir die wêreld agtergelaat. Sy hele lewe was een groot intelligente diens aan sy medemens. Sy uitvindsels word vandag nog in die melkbedryf gebruik en sy familienaam leef steeds as handelsmerk voort.

**Bron:**
Carl Gustaf Patrik De Laval. J.C. McDowell



**'n Sentrifugale roomafskeier**


**'n Gravitasie-roomafskeier uit die Romeinse tydperk**

deur dr. Philip Theunissen



# Ongelykhede in welvaart: verbind die kolletjies!

Die statistieke-generaal, Pali Lehohla, het pas in Augustus die jongste Armoedeverslag van Suid-Afrika vrygestel. Lehohla se kort opsomming is dat armoede tot 55,5% toegeneem het, wat beteken dat 30,4 miljoen mense met R992 per maand en minder moet klaarkom. Daar is 13,8 miljoen mense wat in uiterste armoede leef, naamlik met minder as R441 per maand. Meer as die helfte van die bevolking leef dus in een of ander graad van armoede terwyl die oorblywende deel na bewering in welvaart baljaar. Dit maak Suid-Afrika volgens voortdurende mediaberigte dan een van die lande waar die gaping tussen ryk en arm die grootste is.

Sulke statistiek skep vrugbare teelaarde vir politieke uitsprake en in sy staatsrede van 2017 voer president Jacob Zuma dan ook aan: "Twenty-two years into our freedom and democracy, the majority of black people are still economically disempowered. They are dissatisfied with the economic gains from liberation." Dan definieer hy sy voorgestelde radikale sosio-ekonomiese transformasie as: "…fundamental change in the structure, systems, institutions and patterns of ownership, management and control of the economy in favour of all South Africans, especially the poor, the majority of whom are African …"

## Die syfers

Volgens Tabel 1 beskik Suid-Afrika oor 'n werksmag van 22,3 miljoen mense. Dit is per definisie mense wat oud genoeg is en ook wel beskikbaar is om te kan werk. Daarvan is 16,1 miljoen in diens wat beteken dat 6,2 miljoen van die werksmag tans werkloos is. Daar is 875 000 mense in die landbou werksaam. Dit sluit alle landboubesighede in en nie net boerderye nie.

**TABEL 1: BELANGRIKSTE ARBEIDSAANDUIDERS, 2017**

| | Miljoen |
|---|---|
| Bevolking | 55.5 |
| Werkbare ouderdom | 37.2 |
| Werksmag | 22.3 |
| In diens | 16.1 |
| Werkloos | 6.2 |
| In landbou werksaam | 0.875 |
| Werkbaar/Bevolking | 67% |
| Werksmag/Werkbaar | 60% |
| In diens/Werkbaar | 43% |
| Werkloos/Werksmag | 28% |
| Landbou/In diens | 5% |

***Bron: Statistiek SA (Augustus 2017)***

Tabel 2 bevat inligting oor die aantal mense in Suid-Afrika wat staatstoelaes ontvang. Daar word tans in totaal 17 miljoen toelaes ter waarde van R137 miljard uitbetaal. Sommige mense ontvang meer as een toelaag en gevolglik is daar 10,6 miljoen mense wat staatstoelaes ontvang. Saam met die aantal werkloses is daar dus 16,8 miljoen mense wat geen bydrae tot die land se ekonomiese produksie lewer nie en gevolglik ook geen of baie min inkomste van enige aard van hul eie ontvang.

**TABEL 2: ONTVANGERS VAN STAATSTOELAES, 2017**

| | Aantal | Bedrag | | R miljoen pj |
|---|---|---|---|---|
| Ouerdomstoelaes (>60 jr) | 3295710 | R | 1 510 | 59718 |
| Ongeskiktheidstoelaes | 1067402 | R | 1 510 | 19341 |
| Oorlogsveterane | 180 | R | 1 530 | 3 |
| Pleegsorg | 428568 | R | 890 | 4577 |
| Sorgafhanklik | 145089 | R | 1 510 | 2629 |
| Kindersorg (<18 jr) | 12092183 | R | 350 | 50787 |
| Bystandstoelae | 161989 | R | 350 | 680 |
| Aantal toelaes wat uitbetaal word | 17191121 | | | 137737 |
| Aantal persone wat toelaes ontvang | 10597626 | | | 9.7% * |

***Bron: Africacheck, Februarie 2017***

**** Persentasie van persoonlike inkomstebelasting deur die staat ontvang (Tabel 3).***



In Tabel 3 word die aantal mense wat deur persoonlike inkomstebelasting geraak word, aangedui. Daar was in 2015 se belastingjaar 18,1 miljoen individue as belastingbetalers by SARS geregistreer. Daarvan het slegs 6,6 miljoen opgawes ingedien en daar is uiteindelik 4,8 miljoen aangeslaan om belasting te betaal of selfs terug te kry.

**TABEL 3: SUID-AFRIKA SE INKOMSTEBELASTINGBASIS, 2015**

| | Geregistreer | Opgawes | Aangeslaan |
|---|---|---|---|
| Aantal individue | 18 185 538 | 6 662 490 | 4 788 334 |

| Aangeslaan | Aantal | Kumulatief | R miljoen |
|---|---|---|---|
| <= 0 | 131 110 | - | R -16 010,79 |
| 1 – 70 000 | 478 495 | - | R 18 099,22 |
| 70 001 – 350 000 | 3 012 171 | - | R 581 717,09 |
| 350 001 – 500 000 | 527 958 | 4 149 734 | R 218 510,36 |
| 500 000 + | 638 600 | - | R 621 427,20 |
| **Total** | **4788334** | **-** | **R 1 423 743,08** |


***Bron: Tax Statistics, 2016***

By implikasie het 4,2 miljoen belastingbetalers (dié wat meer as R70 000 verdien het) R1,4 triljoen se persoonlike inkomstebelasting tot die staatskas bygedra waarvan 9,7% aan staatstoelaes spandeer is.

## Die kurwe

Die Gini-koëffisiënt is by verre die gewildste maatstaf om die ongelykhede van welvaart mee te bepaal. Dit word weer op sy beurt van die Lorenz-kurwe afgelei, soos voorgestel in die figuur. Hierdie kurwe verbind die kumulatiewe datapunte van individuele inkomste wat deur die hele bevolking verdien word, waar die bevolking gerangskik word van dié wat die minste verdien tot dié wat die meeste verdien. In 'n perfekte wêreld sal daar nie 'n kurwe wees nie maar 'n reguit lyn, maar die kurwe in die figuur weerspieël dus 'n oorwig van die totale inkomste na die ryker deel van die bevolking ten koste van die armer deel van die bevolking. Suid-Afrika se Gini-koëffisiënt is tans 0,63, wat op 'n hoë mate van ongelykheid dui.

Die probleem met Suid-Afrika se Lorenz-kurwe is egter dat dit ter aanvang eers die 6,2 miljoen werkloses insluit wat géén bydrae tot produksie lewer nie en gevolglik ook geen inkomste verdien nie. Hierna sal die aantal afhanklikes ingesluit word wat deur mense wat wel inkomste verdien, onderhou word. Dan volg dié mense wat staatstoelaes ontvang. Hulle lewer ook geen netto bydrae tot die generering van inkomste nie en ontvang inkomste wat vanaf die 4,2 miljoen belastingbetalers gevorder word. Meer as halfpad teen die Lorenz-kurwe op is daar dus nog niemand wat ekonomies produktief is nie en is dit dus nie verbasend dat 55% van die bevolking met minder as R992 per maand moet klaarkom nie. Om op grond van die Lorenz-kurwe dus die indruk te probeer skep dat die ongelykhede in welvaart die toedoen van veral die 4,2 miljoen belastingbetalers aan die regterkant van die kurwe is, is om 'n bekentenis uit die statistiek te probeer kry wat nie bestaan nie.




In kort bevind die verslag dat grondhervorming in die Oos-Kaap polities só skeefgetrek geraak het dat dit klaaglik misluk het om sekerheid te skep, armoede te verlig of 'n kleinskaalse lewensvatbare swart kommersiële landbousektor tot stand te laat kom.

## Vaardighede

Welvaart is direk aan 'n individu se vaardighede gekoppel. 'n Persoon neem waar, weeg die bedreigings en geleenthede teen mekaar op, evalueer sy beskikbare vaardighede, tyd en hulpbronne en formuleer dan 'n plan om dit op die beste manier aan te wend. Dit is dus in elkeen se eie hande hoe hy in die ekonomiese stelsel gaan oorleef en uiteindelik dalk floreer. Ongelykhede in ekonomiese welvaart ontstaan dan juis wanneer sekere persone hulle vaardighede beter as ander kan aanwend. Elke individu moet dus die beste daarvan maak om ander te oortuig dat hy/sy 'n ekonomiese waarde het.
Daar moet gevolglik aanvaar word dat die oorgrote meerderheid van mense aan die linkerkant van die Lorenz-kurwe nie oor ekonomiese vaardighede en/of talente beskik wat in aanvraag in die ekonomie is nie. Hulle het dus weinig ekonomiese waarde en kan daarom ook geen welvaart genereer nie terwyl dié aan die regterkant van die kurwe se vaardighede en talente 'n baie hoë ekonomiese waarde het wat hulle in staat stel om welvaart te kan genereer.
Die 6,2 miljoen werkloses en die 10,6 miljoen ontvangers van staatstoelaes is ekonomies onaktief en skep geen welvaart vir die ekonomie óf vir hulleself nie. Hulle het wel 'n politieke waarde en dié verruil hulle elke vyf jaar vir vae beloftes van radikale ekonomiese transformasie, 'n kospakkie en 'n geel T-hemp. Dit is egter belangrik vir president Zuma dat hy die "illusie" van ongelykhede, eerder as die "werklikheid" daarvan, in stand moet hou en daarom is daar baie uitsprake daaroor maar min dade. Wanneer hierdie groep kiesers agterkom "…fundamental change in the structure, systems, institutions and patterns of ownership…" kan geen nuwe welvaart vir hulle skep nie, gaan hulle bloot hulle politieke waarde in die mark aanbied aan die hoogste bieder. Deur 'n groot deel van hulle ekonomies aktief te kry, gee egter aan hulle 'n ekonomiese waarde óók wat 'n veel meer realistiese benadering tot 'n gelyke welvaartsverdeling vir die land is as vae politieke beloftes.

## Allokasie

President Zuma se plan behels onder andere die herallokasie van landbougrond na dié aan die linkerkant van die Lorenz-kurwe, ten koste van dié aan die regterkant daarvan. In 'n vryemarkomgewing is prys die primêre meganisme waarmee hulpbronne op die doeltreffendste manier geallokeer word. Dit beteken dan ook dat die optimale allokasie van landbougrond nou verwant is aan produktiwiteit, in só 'n mate dat meer grond na boere geallokeer word wat meer produktief is as ander.
Dit is nie seker watter grondhervormingsplan president Zuma by sy radikale ekonomiese transformasie insluit nie. Die laaste voorstel van die Minister van Grondsake was dié een waar kommersiële (wit) boere 50% van hulle boerderybates (grond én ander los bates) aan hulle (swart) plaaswerkers moet oordra. Dit gaan in die praktyk dus daarop neerkom dat 34 861 boere die helfte van hulle bates aan die 875 000 arbeiders wat in die landbou werksaam is, moet oordra. Om te dink dat hierdie manier van herallokasie van ekonomiese hulpbronne die Gini-koëffisiënt gaan verklein, is om te dink dat die gewig van 'n speenkalf met die temperatuur van 'n motor gerekonsilieer kan word. Dit gaan gewoon nie werk nie, want dié 875 000 werkers is ekonomies aktief en ontvang geruime tyd reeds 'n statutêre minimumloon daarvoor. Dit is juis nie hulle wat aan die linkerkant van die Lorenz-kurwe lê nie.

## Sukses

Die huidige regering het geen suksesvolle rekord met die herallokasie van plaasgrond nie. Gesamentlike navorsing deur die Universiteit van Wes-Kaap en die Rhodes Universiteit, wat oor 'n periode van drie jaar in opdrag van die Oos-Kaapse portefeuljekomitee oor landbou uitgevoer is, het met skokkende bevindings vorendag gekom:

- Arm families en gemeenskappe, wat toegang tot plaasgrond bekom het, word totaal aan hulle eie lot oorgelaat met algehele onsekerheid oor wie werklik die grond besit.
- Tussengangers en diensverskaffers onderskep die meeste van die finansiële voordele wat wel beskikbaar is.
- Hoewel die aanvanklike ooreenkomste die geleentheid aan swart boere bied om hulle huurkontrakte mettertyd op te gradeer, is hulle eiendomsregte tans só afgegradeer dat hulle die status van informele opsigters oor die grond het.



**Bronne:**
The Lie of the Land - How the government is throttling land reform. Claire Bisseker, Businesslive, 24 August 2017.

The inequality bells are ringing again. Chris Hattingh, Free Market Foundation, 08 August 2017.



# Verstaan en bestuur risiko in 'n boerderyonderneming

deur MC Loock, senior bestuurder: Standard Bank Primêre Agribesigheid

Baie besluite in landbou word geneem sonder 'n duidelike kennis van wat die spesifieke uitkoms sal wees. Plaasondernemings vind dikwels dat hul beste besluit op die ou einde minder perfek is weens ander gebeure tussen die besluit en sy uitkoms. Gewasboere moet byvoorbeeld dikwels besluit watter gewas hulle moet aanplant, watter bemesting hulle moet gebruik en watter ander insette hulle in die vroeë plantseisoen moet aanwend. Hierdie besluite word gemaak voordat hulle weet wat die uiteindelike gewasopbrengs gaan wees en watter prys hulle vir die gewasse sal haal. 'n Veeboer wat besluit om sy onderneming uit te brei, gaan moontlik 'n paar jaar moet wag voordat hy byvoorbeeld van sy kalwers enige inkomste gaan kry. Ongelukkig kan boere min doen om die biologiese prosesse waarvan hul produksie afhang, te bespoedig of om dit meer voorspelbaar te maak.

Bogenoemde voorbeelde skilder 'n duidelike prentjie van hoe risiko inherent is tot landbou en hoe kompleks die bestuur van hierdie risiko is. Risiko kom van onverwagte uitkomste, dikwels met ernstige finansiële implikasies, en om dit te bestuur, gaan grootliks oor die vermindering van die moontlikheid van ongunstige uitkomste of ten minste die versagting van die uitwerking op die besigheid. Dit is belangrik om te verstaan dat vir enige besigheid, risikobestuur nie noodwendig totale uitwissing van risiko beteken nie. Dit beteken eerder dat die risiko beheer word tot 'n vlak wat die onderneming bereid en in staat is om dit te verduur. 'n Goeie risikobestuurstrategie vereis 'n betrokke benadering wat al die besigheidsfunksies van die plaas integreer sodat die totale boerderyrisikostelsel proaktief bestuur word in samewerking met beide die eksterne en die interne omgewing van die besigheid.

Wanneer risiko hanteer word, is dit ook belangrik dat ons verstaan dat daar nie 'n regstreekse benadering is nie. Dit is ook belangrik dat plaasondernemings so buigbaar moontlik is vir risikobestuurstrategieë om suksesvol te wees. Verskeie risikobestuurstrategieë, soos diversifikasie van die onderneming, vertikale integrasie, produksie- en bemarkingskontrakte en versekeringsprodukte, is beskikbaar om plaasondernemings te help om risiko te hanteer. Plaasondernemings is egter nie almal dieselfde nie, en hulle kan nie 'n oorhoofse oplossing vir hul risikoblootstelling hê nie. Finansiële posisie, die grootte en tipe plaasonderneming en verskeie ander faktore speel 'n groot rol in die bepaling van die onderneming se vermoë om risiko te hanteer.

'n Goed gevestigde plaasonderneming met 'n groot hoeveelheid ekwiteitkapitaal kan bekostig om nie te verseker nie aangesien hulle groter verliese kan hanteer voordat hulle die totale impak voel, terwyl 'n kleiner onderneming wat nog net begin produseer het, nie kan bekostig om die opsie om versekering uit te neem, te laat verbygaan nie aangesien dit 'n strategie is om die risiko-impak te versag indien die onvoorsiene gebeur. Die boer se gebruik van skuld om werksaamhede te finansier en sy keuse van skuld hang af van baie faktore, waaronder die vlak van risiko-afwending, die grootte en tipe werksaamhede en die prestasie en posisionering van sy besigheid in die mark. In die algemeen sal 'n plaasonderneming met hoë bedingingsmag groter finansiële risiko hê as 'n plaas wat in 'n struktuur met minder bedingingsmag bedryf word. Plase met hoë bedindingsmag wie se skuld hul bates oorskry, kan ekwiteit verloor, veral wanneer hulle nie die koste van die skuld kan bekostig nie. Sulke besighede sal meer blootgestel wees aan finansiële risiko soos dié wat verband hou met hoë rentekoerse. In sulke gevalle is dit meer raadsaam vir sulke plaasondernemings om nie kapitaal te leen nie of ten minste te wag totdat hul posisie verbeter. Dit kan beteken dat hulle hul kapitaaluitgawes moet uitstel. In werklikeid kan dit egter onprakties wees om kapitaalaankope onbepaald uit te stel, maar die onderneming moet buigbaar wees en kan eerder die bedryfsuitgawes prioritiseer.

'n Gesonde kontantvloei is altyd baie belangrik vir risikobestuur. As 'n boer hoë lewensuitgawes het, sal dit vir hom moeiliker wees om 'n lae-inkomste-jaar te beleef. Dit is belangrik dat plaasondernemings hul likiditeit behou deur voorsiening te maak vir korttermynverpligtinge wat nodig is vir 'n gesonde voortsetting van werksaamhede. 'n Duik in die onderneming se kontantvloei weens tegniese of markfaktore soos 'n afname in die prys van 'n produk, kan 'n impak hê op die plaas se inkomste.

Dit is belangrik dat die bestuurders van plaasondernemings die verskillende tipes risiko moet bestuur sowel as die impak daarvan op die besigheid. Hulle moet die versagtende strategieë vir elke tipe risiko identifiseer en dit volgens hulle potensiële impak op die besigheid prioritiseer. Om risiko te assesseer en te analiseer, moet bestuurders waarskynlikhede kan formuleer en 'n groot reeks potensiële uitkomste vir verskilende besluite kan analiseer. Hierdie waarskynlikhede is nuttig om verwagtinge te vorm. Die ware waarskynlikhede is selde bekend, maar is altyd subjektief. Die waarskynlikheid van reënval of die kanse van veranderinge in rentekoerse, byvoorbeeld, is subjektiewe waarskylikhede. Plaasondernemings verskil en die interpretasie van beskikbare inligting sal van besigheid tot besigheid varieer. Wanneer al die waarskynlikhede en hul uitkomste geformuleer en teenoor mekaar geweeg is, kan 'n geskikte besluit geneem en geïmplementeer word met 'n geskikte risikobestuurstrategie.

Risiko's moet nie net alleen volgens hul bronne geklassifiseer word nie, maar ook in terme van hoe gereeld die negatiewe impak voorkom en wat die omvang van die impak is. Risikobestuur begin met besluite wat op grondvlak geneem is, soos watter uitsette om te produseer en watter insette gebruik moet word vir produksie. Besighede moet risiko's rangskik volgens hul impak en die waarskynlikheid dat hierdie risiko's sal voorkom. Die potensiële impak kan varieer van katastrofies tot minimaal en die waarskynlikheid kan varieer van hoogs waarskynlik tot onwaarskynlik. Deur elke moontlike risiko volgens bogenoemde kriteria te evalueer, sal 'n produsent in staat wees om te onderskei tussen risiko's wat onmiddellike aandag verg en dié wat minder belangrik is. Die risiko wat oorbly nadat alle risikoversagting geïmplementeer is, staan bekend as residuele risiko. Dit is die risiko wat die besigheid eenvoudig op buigbare en strategiese maniere moet hanteer.

Daar is geen generiese risikobestuurstrategie wat vir almal werk nie, en net so is daar nie so 'n strategie wat vir elke seisoen gebruik kan word nie. Dit is belangrik dat ondernemings hul eie aptyt vir risiko moet oorweeg en dan hul strategieë daarvolgens moet aanpas vir maksimum voordeel.



JAG ROOFDIERE DOELTREFFEND

# Wees teikenspesifiek met roofdiere

Die plek waar 'n mens roep, die weer, die maan, jou klere en die kamoeflering van die bakkie is alles faktore wat 'n rol speel in die sukses van nagjag. Daar is egter baie ander klein dingetjies wat die kans op sukses sal verseker.

Probleemdiere is slim, het goeie gehoor en is baie "katvoet". 'n Mens moet dus op jou hoede wees as jy hulle inroep, want die diere ken die gebied beter as jy en sal al hul skelmstreke op jou uithaal. Net die kleinste iets wat verkeerd of onvanpas is, sal hulle wegjaag. Jou tegnieke en klanke wat jy gebruik om hulle nader te roep, moet só oortuigend wees dat die jakkals dink kos is op die tafel.

Daar is twee baie belangrike punte om te onthou. Eerstens moet 'n mens nie te vinnig tou opgooi nie. Jakkals en rooikatte moet sowat 'n uur lank van dieselfde plek af geroep word.

> Katte se oë is groot en hulle kyk baie versigtig rond, nie vinnig soos 'n hond of jakkals nie. 'n Kat sal stadig inkom, gaan staan en lank vir jou kyk, Dit gee jou 'n goeie kans om te skiet.

Jakkalse hardloop soms vinnig na jou toe en sal jou meestal nie baie tyd gee om te skiet nie. Oefen dus om gou te reageer en van die bakkie af te skiet. Hoewel die jakkals vinnig sal verskyn, moet jy hom eers identifiseer voordat jy skiet – jy wil nie die plaashond skiet nie.

Die tweede punt het te doen met beweging – moenie baie rondbeweeg nie. 'n Kat sal jou nie ruik soos 'n jakkals nie, maar hy het net soos jakkalse goeie oë en sal jou gewaar as jy rondbeweeg.

Roofdiere sal meestal uit nuuskierigheid nader kom om te sien wat al die geraas maak, Jy sal dus baie meer oë sien as die moontlike teikens waarna jy mag skiet. Diere soos hase, bokke, bakoorjakkalse, muishonde en selfs koeie kom ook na die klank wat probleemdiere lok. Ek het vier keer in een aand dieselfde muishond ingeroep voordat hy die boodskap gekry het.

Ek verkies 'n mondfluitjie bo 'n elektroniese roeper, want dit is meer persoonlik. Ná jare se roep het ek gevind dat die roeper wat effend krapperig, geroes of grof klink, die beste werk vir rooikatte en jakkalse.


Twee soorte roepers is beskikbaar – een met 'n oop riet en die ander met 'n toe riet. Roepers met 'n toe riet is makliker vir die onervare mens om te gebruik. Ek hou van laasgenoemde tipe, veral 'n paar Lohman-roepers, maar ek het ook 'n rooi Tally-Ho-roeper en 'n paar handgemaakte TNT-roepers wat goed vir my werk. Ek verkies 'n plastiekroeper omdat dit 'n helderder klank maak.

Die maan en die weer speel 'n deurslaggewende rol wanneer jy roofdiere jag. Die beste jagtyd is wanneer daar geen maan is nie, dit bewolk is en net ná of voor 'n reënbui. 'n Kat sal nie in helder maanlig geskiet kan word nie. 'n Jakkals kan tot kwartmaan maklik gejag word.

Jy kan ook roep in ligte reën in die nag, of vroegoggend in mistige weer. In die winter sal meer probleemdiere geskiet word, want kos is skaars. Enige "noodroep" wat hulle hoor, sal hulle inbring.

'n Mens kry net een kans om 'n jakkals dood te skiet. Jy moet dus seker maak dat jou geweer ingestel is en die ammunisie reg is. Moenie jou geweer instel op die plaas waar jy daardie aand gaan jag nie. Jy sal jou kanse om iets te skiet, bederf.







deur **Gary Laubscher**,
professionele roofdierjagter

Moet ook nie die hele dag oefen om groeperings te skiet nie. Daardie vyf skote in die kol beteken niks, Al wat belangrik is, is dat jou eerste skoot met 'n koue loop in die kol is. Oefen dus in die dag met een skoot met 'n koue loop. As dit in die kol is, is jou geweer reg.

Dit is belangrik om altyd by die beste plek op die plaas eerste te jag. Sorg dat jy daar is terwyl dit nog lig is, Maak die bakkie reg en wag vir die donkerte. Nadat jy klaar op dié plek gejag het, kan jy na ander plekke op die plaas verskuif. Rooi filters moet oor die bakkie se ligte gesit word voor jy na 'n ander plek verskuif.

Wanneer dit donker is en jy begin roep, moet jy saggies begin vir ingeval 'n roofdier naby is. As jy in katgebiede jag, begin vir vyf minute met 'n pieproeper en daarna met ander klanke. 'n Kat sal van enige rigting kom, ongeag die rigting van die wind.

Roepgeluide wat weerklink, kan die roofdier verwar en hy sal jou nie vind nie. Roep dan sagter. Wissel die klanke af en moenie dieselfde patroon gebruik nie. Roep twee keer, dan een keer, dan drie keer en hou so aan. Moenie te veel keer dieselfde roepers (klanke) op dieselfde plaas gebruik nie. As jakkalse eers "slim" geword het, is dit moeilik om hulle te bestry.

As jy fluit, moenie lang klanke maak nie, want 'n haas het klein longe. Sit desperasie, wanhoop, pyn en lyding in die klank. As die geluid klink asof die dier in pyn verkeer, sal jy meer roofdiere inroep. As jy in die nag roep en uile duik op jou af, is jou roepklank goed.

Wanneer jy met die rooi lig werk, draai stadig in die rondte en kyk twee of drie keer oor die veld ingeval jy die eerste keer die probleemdier se oë misgekyk het. In gebiede waar baie jakkalse is, moet eers in die windafrigting gelig word, want die kanse is goed dat hulle uit daardie rigting sal inkom.


**As jy oë sien, moenie die dier in die middel van die ligkol plaas nie, want dit maak skaduwees op die grond wat die dier kan ontsenu en wegjaag. Lig die ligkol op sodat die kol se onderste rand hom net onder die voete vang. Wanneer jy hom wil identifiseer of skiet, laat sak die lig om 'n beter prentjie te kry.** >>



# Nuttige wenke vir sukses

Elke jagter moet goed voorbereid wees om in die nag te jag. Goeie toerusting is noodsaaklik. Dit help om 'n lys te maak van alles wat nodig is, dan vergeet jy niks nie. Die volgende wenke sal help.

- Maak seker dat die rooi lig en CD-speler of mondroepers werk voordat jy van die huis af vertrek. Neem 'n ekstra roeper saam. As jy met 'n CD jag, sorg dat jy 'n fluitjie het vir ingeval die CD probleme gee.
- Voordat jy uitgaan, bad met skoon water. Die vars water sal die dag se reuke verwyder. Vermy lekkerruikgoed en moenie die klere wat jy dra, stryk nie, want die materiaal sal blink.
- Moet nooit in die aand swart dra of 'n swart bedekking oor jou bakkie gooi nie, want niks is swart in die veld nie en in die nag sal dit maklik gesien word.
- Moenie skadunet gebruik nie, want dit ritsel as die wind effens waai. Gebruik liewer goiing of kamoefleernet.
- Smeer die bakkie se bande met modder – dit verwyder die plaashonde se reuk.
- As jy 'n plek met baie jakkalsmis van verskillende ouderdomme (vars asook droog) kry, is dit 'n goeie plek om te roep. Só ook waar spore om bome, bosse en klippe loop of waar 'n probleemdier sy prooi gevang het. Rooikatte krap nie hulle mis toe nie. Jy kan dit maklik sien.
- Soek 'n oop plek met bosse wat verkieslik nie hoër as 300 mm is nie. Parkeer in die middel en kamoefleer die bakkie goed. Los die kamoefleernet dat dit los hang om natuurlik in die wind te beweeg.
- Nadat jy die bakkie gekamoefleer het, stap 100 m weg, buk af en kyk uit die oogpunt van die jakkals of daar iets verkeerd is met die kamoeflering wat die teenwoordigheid van die bakkie kan verraai.
- Maak enige liggies (horlosie) in die kajuit toe.
- Vee die bak van die bakkie behoorlik af – verwyder klippies en papiere wat 'n geraas kan maak as jy daarop staan. Moet liewers nie met meer as twee mense jag nie, want daar sal te veel reuke in die lug wees.
- As jy met 'n maat jag, probeer om as 'n span te werk – een roep en een skiet.
- Ek gebruik 'n bottel jakkalsurine en los dit oop op die bakkie se dak. Dit bedek my reuk. Ander maniere om 'n jakkals se neus deurmekaar te maak, is om jou klere oor 'n vuur te hou wat rook, of om 'n paar druppels vanieljegeursel op jou klere te sit. Jy kan ook jou klere in bome hang in die veld om 'n natuurlike reuk te kry. Dassie-urine of die blaas van 'n kat is ook doeltreffend.
- Moenie eet of hardop praat nie en verwyder goed wat blink soos ringe. Maak jou gesig toe as jy die soeklig gebruik. Moenie die mondfluitjie met 'n handskoen vashou nie, want as jy blaas, demp dit die klank en verminder die roeper se afstand.



>> Moenie vir die dier se kop mik wanneer jy skiet nie. Bladskote gee 'n groter teiken. Een jakkals uit agt tot nege jagtogte en een kat uit elke 22 jagtogte is 'n goeie statistiek vir iemand wat leer.
Onthou, 'n rooi lig bring mee dat afstande verder of nader lyk as wat hulle werklik is. Maak dus seker van die omgewing waarin die roofdier lê wat jy geskiet het voordat jy van die bakkie afklim om dit te gaan haal. As jy in digbeboste veld stap, laat 'n lig by die bakkie skyn, want 'n mens kan maklik rigting verloor in die donkerte.
As jy 'n jakkals ingeroep en geskiet het, moenie ophou nie – roep 'n bietjie langer, want jy kan ook ander roofdiere lok. By jakkalse is altyd die gevaar van hondsdolheid, Maak dus seker die roofdier is dood voordat jy hom optel.
Ek jag al sedert 1984 probleemdiere – dit is in my bloed.
As jy optimisties en vasberade is, hierdie wenke in ag neem en die beste roepers gebruik, sal jou resultate goed wees.



**Gary Laubscher is 'n professionele probleemdierjagter. Vir meer inligting oor hokke, handroepers, ligte, rooi lense of lokaas soos kat-urine, kan hy by 082 485 3885 gebel word, of stuur e-pos na africanpredator.loubsher@gmail.com**
**Besoek ook die webblad http://www.africanpredator.com vir meer inligting.**




# Geldig 1 September tot 31 Desember 2017

Verhoog die winsgewendheid van jou braaikuiken Boerdery met Nu-Pro se hoë kwaliteit braaikuiken reeks teen ongelooflike lae pryse

## PRODUKTE OP SPESIALE AANBOD:

- Braaikuiken Aanvangs.
- Braaikuiken Groei.
- Braaikuiken Afrond.

## BESOEK JOU NAASTE KOÖPERASIETAK VIR VOORRAAD

Nu-Pro Voere (Edms). Bpk
Tel: 058 303 9587/9 • Faks: 058 303 7062
www.nupro.co.za

deur Hendrik van Pletzen, tegniese bestuurder: Voermol Voere (hendrikvp@mweb.co.za), dr. Faffa Malan, veeartskonsultant en dr. Jasper Coetzee, tegniese direkteur: Voermol Voere





# Wees ingelig oor vergiftiging

## Aflatoksikose vergiftiging

Aflatoksikose is 'n akute, subakute of kroniese lewersiekte van mense en diere wat veroorsaak word deur aflatoksiene. Hierdie gifstowwe is metaboliete van die swamme Aspergillus flavus en A. parasiticus. Hierdie swamme kom orals voor en groei op 'n groot verskeidenheid grane, voer en kossoorte. Voorbeelde van kossoorte is grondboontjies, mielies, katoensaad, sorghum, sonneblomsaad, rys en eetbare neute. Hoë vogtigheid en hoë temperature gedurende die tydperk net voor oestyd en gedurende oestyd, droging, vervoer en storing is ideale toestande vir hierdie swamme om op bogenoemde grane en kossoorte te groei.

Beskadiging van oeste deur insekte, droogtes en meganiese beskadiging gedurende oes bevoordeel die groei van A. flavus en toksienproduksie. Benewens bogenoemde omstandighede wat die groei van die swamme bevoordeel, is daar ook sekere genotipes van grondboontjies en mielies wat meer vatbaar vir hierdie besmetting is.

Aflatoksiene is stabiele verbindings in normale voedsel en voedselprodukte asook relatief weerstandig teen hitte en 'n kookproses, maar word tot 'n sekere mate deur sonlig afgebreek.

Gedurende die eerste uitbreek wat in die Verenigde Koninkryk gerapporteer is, wat deur aflatoksien veroorsaak is, het 100 000 kalkoene gevrek deurdat hulle 'n rantsoen van besmette grondboonmeel gevreet het. Uitbreke is daarna gerapporteer, veral in varke asook in beeste, perde en honde. In Suid-Afrika kom vergiftigings veral in varke en honde voor.

As 'n reël is jong diere meer vatbaar vir vergiftiging as ouer diere. Manlike diere is ook meer vatbaar as vroulike diere.

Daar is drie groepe van vatbaarheid in diere:

- Diere met 'n $LD_{50}$ van 1mg/kg of minder: eendjies, reënboogforel, marmotjies, koyne, honde, katte, jong rotte en jong kalkoene.
- Diere wat 'n tienmalige vermeerdering in aflatoksiendosis benodig: varke, ape, rotte, kalwers, fisante, kuikens, frette, wolmuise, koeie, nertse en kwartels.
- Weerstandige diere: skape en muise.

## Vergiftiging

Aflatoksien veroorsaak akute en kroniese lewerskade. Gewigsverlies kom voor, swakker voerbenutting, verlaagde immuniteit met gevolglike hoër insidens van siekte. Aflatoksien is geweldig karsinogenies en verhoogde insidens van kankers kom voor in diere wat vir lang periodes lae dosisse van aflatoksien ingeneem het. Residue van aflatoksien kan voorkom in vleis, melk en eiers van diere wat bemette voer ingeneem het.

## Varke

In varke word vergiftiging gekenmerk deur varke wat gewig verloor, verminderde aptyt, geelsug, bloederige mis, onsamehangende beweging en konvulsies voordat hulle vrek. Vrektesyfers is hoog, die lewer is geel en die galblaas is geswel. Varke is meer vatbaar vir ander siektes. Vrektes in varke het voorgekom waar varke vloedbeskadigde mielies gevreet het of waar varke swambesmette grondboontjies gevreet het.





**Dit gebeur dikwels dat vrektes op die plaas toegeskryf word aan vergiftiging. Daarom gaan ons in die volgende paar uitgawes artikels oor hierdie onderwerp dra. Kennis is mag, en hoe beter ons ingelig is, hoe beter kan ons voorsiening maak vir bedreigings wat ons boerdery in die gesig staar.**

## Beeste

Vergiftiging in beeste is raar. Vergiftiging het wel in kalwers in die Wes-Kaap voorgekom deurdat mielies gedurende die winterreënseisoen geoes word met hoë vogtigheid, wat die groei van swamme bevoordeel. Tekens in beeste is dat hulle nie goed doen nie, hare staan regop, depressie, anoreksie, gewigsverlies, val in melkproduksie, swak immuniteit. Tekens voor hulle vrek: kners van tande, buikpyn, parsing, rektale prolaps, diarree mag bloed bevat en is slymerig. In enkele gevalle mag fotosensitiwiteit voorkom.

## Skape en bokke

Vergiftiging is raar. Enkele gevalle het voorgekom waar besmette grondboontjies gevreet is.

## Honde

Honde is eksperimenteel besmet deur hulle kos te voer wat vlakke van 500 en 250 ug aflatoksien/kg bevat. By hoër vlakke het honde na twee maande gevrek en by laer vlakke na ses maande.

Honde raak siek as hulle aflatoksienbesmette hondekos vreet. Honde voel lusteloos, depressief, word naar en wil nie eet nie. Lewerbeskadiging tree in. Tandvleise word geel, bloederige diarree kan voorkom en honde kan vrek.

## Diagnose

Die diagnose van afltoksikose is moeilik. Die geskiedenis moet in ag geneem word. Kliniese tekens, patologie, vasstelling van swamme in die voer, chemiese toetse en die inspuit van gifstof in eendjies, in kuiken- en forelembrio's, selkulture, ensovoorts.



## Beheer

Verwyder die besmette voer. Herstel sal afhang van die hoeveelheid gifstof wat ingeneem is en die tydperk van blootstelling aan die gifstof. Diere word simptomaties deur veeartse behandel.

## Voorkoming

In Suid-Afrika word die volgende standaarde vir mense deur die Voedsel, Kosmetika en Ontsmettingsmiddel Wet (No. 54 van 1972) daargestel:

- Geen persoon sal voedsel verkoop wat meer as tien dele per miljoen (dpm) aflatoksien bevat nie.
- Vir diere word die limiete deur die Kunsmis, Plaasvoere, Landbou en Veemiddelwet (No. 36/1947) bepaal:
    - Die maksimumvlakke van aflatoksien in enige voer is 50 dpm.
    - Vir koeie in melk, kalwers, varke, lammers en pluimvee is die limiet 20 dpm.
    - Vir ongespeende varkies, pluimvee wat nog nie eiers lê nie en lammers onder vier maande is die vlakke 10 dpm.
    - Vir forelle is die vlakke 0.

Voorkom dat daar swamgroei op graan, kos en neute plaasvind en veral gedurende die storingsproses.

Voorkom insekskade en meganiese beskadiging van oeste.

Voorkom toestande van hoë vogtigheid en hoë temperature tydens berging van voere.

Verwyder beskadigde pitte of neute om die aflatoksienvlakke te verlaag.

Oesmasjiene moet nagegaan word sodat pitte en neute nie gekraak word nie en stukkies van steeltjies en onkruid, wat swamgroei bevorder, verwyder word.

## Akkervergiftiging

Akkervergiftiging is hoofsaaklik 'n probleem in beeste in Suid-Afrika. Eksperimenteel egter is beeste, skape, bokke, konyne en marmotte wel vergiftig deur hulle gedroogde bloeisels, uitloopsels, blare en takkies van akkerbome te voer. Beeste jonger as twee jaar was meer vatbaar vir vergiftiging. Varke en voëls skyn nie vatbaar vir vergiftiging te wees nie.

Beeste wat vergiftig word, het erge nieraantasting getoon. Uitbreke kom gewoonlik in die herfs en winter voor wanneer afgevalde akkers vrylik beskikbaar is. Droogtetoestande kan ook 'n rol speel as min weiding beskikbaar is. Ná 'n erge storm kan takke van akkerbome ook afbreek en mag diere blare en akkers vreet, met dodelike gevolge.

Kliniese tekens van vergiftiging kom gewoonlik vier tot nege dae ná die inname van akkers voor. Waar melkkoeie akkers vreet, is die melk bitter en onbruikbaar.

Alle soorte akkerbome moet as giftig beskou word nieteenstaande die feit dat diere van tyd tot tyd akkers vreet sonder om siek te word.

## Boetebos

Giftig vir skape, beeste en varke

Die wetenskaplike naam van boetebos is *Xanthium spp*. Vergiftiging is raar. Varke word meesal vergiftig, maar beeste en skape is ook vatbaar. Die lewer en in 'n mindere mate die niere word aangetas.

Die gifstof karboksiatraktilosied is in die kotiledons (embrio's in die sade van 'n plant) van die plant en verdwyn vinnig as die sade ontkiem. Jong saailinge in die tweeblaarstadium is veral giftig vir varke. Die sade veroorsaak probleme soos obstruksie en inflammasie as hulle by die opening van die skede van bulle vashaak.

Kliniese tekens van vergiftiging toon abdominale pyn, spierswakheid en konvulsies.

Behandeling: Kontak u veearts wat lewerbeskermende middels sal toedien.



## Diplodiose

Waar vee in die winter op afgeoeste mielielande wei waar mieliekoppe besmet is met die swam *Stenocarpella maydis* (= *Diplodia maydis*) kan vergiftiging voorkom. Die swam bevat 'n neurotoksiese gif. Daar word geskat dat diplodiose verantwoordelik is vir 2% van alle plant- en swamvergiftigings in Suid-Afrika.

Die wit swam besmet mieliekoppe en mieliestronke. Pitte wat besmet is, verkleur tot 'n grysbruin kleur.

Beeste, skape en bokke wys die eerste tekens twee tot agt dae nadat hulle genoegsame hoeveelhede (5 -10 gram/kg/dag) swamme ingeneem het. Tekens duur vir een tot vier dae. Diere wil nie loop nie, staan met bene uitmekaar, inkoördinasie (loop met stywe bene en trap hoog), val neer, verlamming, konstipasie, spoegloop en spiersametrekkings. In ongeveer 10% van gevalle is diere totaal verlam, gaan lê op hulle sy vir 'n week of meer. Sulke diere kan vrek weens gasopblaas, honger en dors. Diere wat goed versorg word, kan volkome herstel sonder enige nagevolge.

Waar diere dragtig is tydens vergiftiging (tweede en derde trimester van dragtigheid), kan stilgeboortes plaasvind en kalwers en lammers kan net na geboorte vrek. Sommige van hierdie dragtige diere het geen tekens van diplodiose getoon nie.

Weens die feit dat die toestand 'n tyd neem om te ontwikkel, mag diere nog tot 14 dae siek word nadat hulle uit 'n besmette mielieland verwyder is.

Waar diere tekens van vergiftiging toon, moet hulle so gou as moontlik uit die besmette land geneem word. Waar hierdie besmette mielies deur 'n hamermeule fyn gekap word en in 'n rantsoen gebruik word, het geen vergiftiging voorgekom nie. Daar word vermoed dat die muwwe koppe opgebreek word en dat die besmette materiaal in die rantsoen verdun word. In jare waar daar baie muf voorkom, moet manlike en nie-dragtige diere eerder op sulke lande geplaas word.

Aangesien besmette plantmateriaal die bron van besmetting vir die volgende seisoen gaan wees, sal diep, vroeë ploeg of brand die voorkoms in die volgende seisoen verminder. Waar mielies met die hand geoes word en besmette koppe op die land agterbly, sal die voorkoms van diplodiose hoër wees.

Diplodiose moet onderskei word van vergiftiging met die swam Aspergillus clavatus. Daar is minder vrektes en geen spiersametrekkings nie. Diplodiose kan ook verwar word met hartwater, lamsiekte, kweek- en Paspalum-vergiftiging.

## Riglyne vir die voer van laegraadse mielies

- Laegraadse en selfs ondergraad-mielies kan met groot sukses aan beeste en skape in 'n voerkraal of in produksielekmengsels gevoer word.

- Navorsing toon dat mielies wat met tot 60% *Stenocarpella maydis* besmet is, geen nadelige invloed op die groei en gesondheid van voerkraalbeeste en skape gehad het nie (Strydom, de Villiers, Oosthuizen & van Pletzen, 1986). In hierdie voedingsproewe is verskillende vlakke van 15%, 30%, 45% en 60% gebrekkige graan getoets teen 'n kontrole (graad 1 mielies). Die vrywillige inname van swakker gehalte mielies was hoër as dié van graad 1 mielies en daarom was die voeromsetverhouding (VOV) swakker.

  By lammers het die VOV van 1:5,83 op graad 1-mielies verswak na 1:7,3 by 60% gebrekkig. Geen betekenisvolle verskille is in karkasmassas en uitslagpersentasies gekry nie.

  By jong osse het die VOV van 1:8,28 (graad 1) verswak na 1:8,89 (60% gebrekkig). Prakties beteken dit dus dat diere méér van die swakker gehalte mielies moet vreet as van graad 1-mielies om dieselfde gewig aan te sit.

- Swak gehalte mielies moet met die regte afrondingkonsentraat vermeng word om goeie diereprestasie te verseker. Voermol SB 100 (V4498) of Voermol Beefmaker (V7535) vir beeste en Voermol SS 200 (V8592) vir skape is beproefde afrondingskonsentrate en lewer uitstekende resultate.

- Onder-graad mielies het feitlik nie 'n prys nie en deur die mielies 'deur vee te bemark', kan tot 90% van die prys van graad 1-mielies gerealiseer word. Die werklike graad van gebrekkigheid sal die realisasieprys bepaal. Die graad van gebrekkigheid kan ook verbeter deur graad 1 mielies by te meng.

Indien enige twyfel bestaan oor die organisme wat kopvrot veroorsaak, moet die graan vir mikotoksiene ontleed word. Diere moet dopgehou word vir die simptome van vergiftiging en so gou moontlik onttrek word indien simptome voorkom. Siek diere wat vroegtydig geïdentifiseer is, herstel vinnig mits goeie gehalte voer en water voorsien word.



**Bron: Kellerman, T.S.,Coetzer, J.A.W., Naude, T.W. and Botha, C.J. 2005. *Plant Poisonings and Mycotoxicosis of Livestock in Southern Africa*, Oxford University Press. ISBN 978 0 19 57613 4**

*Hierdie artikel is 'n samestelling van artikels wat verskyn het op www.landbou.com*

# Bemesting vanaf 'n rekordoes na 'n moontlik minder goeie seisoen

deur dr. Johan J. van Biljon, Opbrengsverbeteringstelsels, Kynoch Kunsmis

Die afgelope seisoen was 'n rekordjaar vir graanprodusente, maar voorspellings dui op die moontlikheid van minder gunstige klimaatstoestande die komende seisoen. Wat behoort die benadering dan te wees?

## Afgelope seisoen

Die Nasionale Oesskattingskomitee is van mening dat die afgelope seisoen 'n rekordoes van 15,97 miljoen ton mielies gaan oplewer. Die styging is ongeveer 2,1 ton/ha (52% verhoging) teenoor die vorige seisoen, wat beteken dat daar meer voedingstowwe per hektaar verwyder is. Indien hierdie toename in kunsmis omgesit word, beteken dit dat daar ongeveer 370 000 ton meer kunsmis die afgelope seisoen net deur mielies alleen uit die grond verwyder is.

In die geval van Mpumalanga was die ooreenstemmende opbrengsverhoging ongeveer 42% gewees wat ongeveer 43 000 ton meer kunsmis uit die grond verwyder het. Die implikasie hiervan is dat die ekstra verwydering van die goeie oes nie uit die oog verloor moet word nie. Dit is daarom krities belangrik dat die voedselprodusente hulle moet vergewis van hoeveel voeding vir die komende seisoen in die grond beskikbaar is. 'Besparing' op bemesting behoort die komende seisoen met groot omsigtigheid hanteer te word.

## Komende seisoen

Die voorspelling vir 'n moontlike El Niño-verskynsel het vanaf Mei heelwat verander. Volgens die Mei-voorspelling was die voorkoms van 'n El Niño-verskynsel by verre die hoogste, gevolg deur die voorkoms van 'n Neutrale-verskynsel en 'n baie klein kans op 'n La Nina-verskynsel. Die huidige voorspelling dui daarop dat die kans op 'n La Nina-verskynsel nog steeds klein is, maar dat die waarskynlikheid vir 'n Neutrale-verskynsel drasties verhoog het en nou heelwat hoër is as 'n El Niño-verskynsel. Dit is natuurlik goeie nuus deurdat daar moontlik 'n effens beter seisoen voorlê as wat aanvanklik verwag is.

## Doeltreffender benadering

By Kynoch verhoog ons die doeltreffendheid deur a) die gewas meer doeltreffend te maak, b) die produkte meer doeltreffend te maak, en c) die gebruik van presisieboerdery-inligting meer doeltreffend en meer bekostigbaar te maak.

### a) Gewasse

Bemestingsvoorstelle word gewas-, groeistadium- en plekspesifiek gemaak. 'n Gewasspesifieke bemestingsvoorstel beteken dat elke spesifieke gewas verskillend bemes word, maar dat daar ook gewasspesifieke produkte soos die bekende Oemff®-blaarvoedingsreeks vir byvoorbeeld mielies, koring, sojabone, lusern, groente, ensovoorts ontwikkel is.

Groeistadiumspesifieke bemestingsvoorstelle beteken dat die 17 noodsaaklike voedingstowwe volgens die gewas se behoefte vir elke groeistadium gegee word. Dit word gedoen omrede sekere voedingstowwe belangriker is as ander gedurende 'n spesifieke groeistadium.

Plekspesifieke bemestingsvoorstelle bring die grond en klimaat in berekening. Geen bemestingsvoorstel kan sonder ten minste 'n chemiese grondontleding gedoen word nie. 'n Chemiese grondontleding saam met 'n beplanningsopbrengs en 'n wetenskaplik gefundeerde bemestingsriglyn is 'n voorvereiste vir 'n ekonomiese bemestingsvoorstel.

Daar is dan binne die Kynoch-aanbod produkte wat spesifiek gemik is op die verbetering van die doeltreffendheid van gewasse. Die plant (gewas) kan as 'n fabriek gesien word waar die blaaroppervlakte 'n baie belangrike rol speel. Die geheim van gewasverbouiing lê daarin om die fabriek so vinnig as moontlik te bou en dit dan so lank as moontlik aan die gang te hou. Terselfdertyd moet die fabriek so vining as moontlik (hoë revolusies) produseer om die potensiële opbrengs en gevolglik inkomste uit die gewas te verhoog.

### b) Produkte

By Kynoch word daar ook gekonsentreer om die doeltreffendheid van die kunsmisprodukte te verhoog. Een van die produkte is KynoPlus®, 'n stikstofkunsmis met 'n hoër effektiwiteit as van die ander produkte. KynoPlus® kan voor plant (breedwerpig uitgestrooi, diep geplaas of liggies ingewerk), met planttyd (in die plantermengsel) en ná plant as topbemesting (bo-op die grond uitgestrooi of ingewerk) gebruik word.

Spesialisprodukte soos KynoPop™, Oemff®-blaarvoedingsreeks is ook beskikbaar. KynoPop™ is 'n produk wat in die behoeftes van die jong saailing voldoen en naby die saad met planttyd toegedien word om 'n sterk en gesonde saailing te vestig wat beter weerstand teen strestoestande soos koue versuiptoestande, onkruiddoderskade en siektes kan bied. Die Oemff®-blaarvoedingsreeks is gewasspesifiek en daarop gemik om die fisiologie van die gewas te bestuur om sodoende byvoorbeeld die fotosintese-tempo van die gewas aan te help en om met stresbestuur te help.

### c) Nuwe presisiebenadering

Presisieboerdery het in sekere gevalle 'n negatiewe konnotasie begin kry bloot oor die feit dat dit dikwels slegs in 'n boek met kaarte wat in die kas stof opgaar geëindig het. Indien presisieboerdery nie tot 'n aksie op die plaas gelei het nie, is dit 'n mislukking en was dit geldmors.

Wat behoort te gebeur is dat die data wat ingesamel is en tot inligting verwerk is, tot finansiële voordeel van die boerdery aangewend moet word. Tot nou toe het die sinvolle gebruik van presisie-inligting in baie gevalle die voedselprodusent ontwyk. Kynoch het in samewerking met internasionale rolspelers verskillende tegnologieë sinvol gekombineer om die interpretering en gebruik van die inligting te vergemaklik. Hierdie nuwe benadering is wat werklik 'n verskil op die plaas kan maak en is onder sekere voorwaardes gratis aan Kynoch-kliënte beskikbaar.

## Opsommend

Opsommend kan gesê word dat met die goeie opbrengste van die vorige seisoen en die voorspellings vir die komende seisoen bemesting se doeltreffendheid verhoog moet word. Kynoch beskik oor die regte benadering, produkte, tegnologie en dienste om dit 'n werklikheid te maak. Die leuse is nie verniet "Verhoogde doeltreffendheid deur innovasie" nie.




# KynoPrecise™
## Neem ingeligte besluite.

**Kynoch** is aan die voorpunt van innovasie en die nuutste wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling om jou te ondersteun in jou soeke na maksimum winsgewendheid. Met **KynoPrecise**™ kry jy toegang tot plekspesifieke inligting sodat jy die regte keuses vir jou plaas kan maak.

Die **KynoPrecise**™ -programmatuur sluit die volgende in:

**KynoRover**™
- Op jou slimfoon of tablet vir uitstekende mobiliteit vir gebruik in die veld.
- Alles wat jy nodig het, bv. navigasie, monsterneming, verkenning, verslae, ens.

**KynoEye**™
- 'n Webblaaier waar jy al die beskikbare inligting op een plek kan kry bv. grondkaarte, satellietbeelde, opbrengskaarte, ens.

**KynoAnalytics**™
- Die allernuutste in die integrasie en opeenstapeling van data om die verband wat daar tussen die verskillende faktore op jou plaas bestaan, betekenisvol te ontleed.

**KynoPrecise**™ gee jou plekspesifieke insig en die nuutste inligting sodat jy ingeligte besluite kan neem.

* Bepalings en voorwaardes geld. Kontak u naaste Kynoch-agent of Kynoch-landboukundige.

**Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.**
011 317 2000 | info@kynoch.co.za | **www.kynoch.co.za**

Kynoch

KynoPrecise™

**Farmisco (Edms) Bpk.** h/a Kynoch Kunsmis
Reg No. 2009/0092541/07

uppe marketing A16973

# **Aspersie**-projek

## kan goue toekoms verseker



Die ontwikkeling van aspersies vorm deel van 'n groter gesamentlike nuwe besigheidsontwikkelingsinisiatief tussen VKB en The Jobs Fund (JF5/1292), waarby ontwikkelende boere ontwikkel word om betrokke te raak by volhoubare kommersiële produksie. Addisionele gewasse sluit in: grane, bone, aartappels en suikermielies wat in Limpopo en die Vrystaat verbou sal word.

Dit is 'n vierjaarprojek om intensiewe plaasondernemings te ontwikkel en ook werksgeleenthede in Limpopo en die Vrystaat te skep.



Kopung Radikontsane (direkteur-generaal van die Vrystaat); Peter Thabethe (departementshoof van landbou- en landelike ontwikkeling van die Vrystaat); Oupa Khoabane (LUR vir landbou- en landelike ontwikkeling van die Vrystaat); dr. Moses Maine (transformasiedirekteur van die VKB Groep) en Malefu Vilikazi het die geleentheid bygewoon.

# Agtergrond en konteks van aspersie-produksie

Die Oos-Vrystaat, waar aspersie-ontwikkeling plaasvind, het geskikte grond en klimaat vir die produksie van aspersies. Aspersies was eens op 'n tyd 'n florerende bedryf in die gebied waar daar meestal "wit" aspersies vir die plaaslike- en uitvoermark vir geblikte- en ingelegde aspersies gekweek is. Dié bedryf het egter weens verskeie redes gekwyn, en wit aspersies word tans ingevoer.

Die produksie van "groen" of vars aspersies het egter voortgegaan op kommersiële vlak. Die mark vir groen, vars, aspersies groei wêreldwyd, en dit word beskou as hoëwaarde gesonde kos. Hoewel die huidige plaaslike produksie hoofsaaklik op die plaaslike kleinhandelsmark gemik is, word daar wel groen aspersies in- en uitgevoer (afhangende van plaaslike aanbod en die verhoudings tussen invoer/uitvoer-pariteitspryse.)

# Ontwikkelingsmodel

Die ontwikkelingsmodel van die JF5/1292-projek fokus op die volgende kernpunte:

- ontwikkeling van opkomende tot volhoubare kommersiële boere.
- die koördinering van ontwikkelings-aksies tussen veelvoudige rolspelers.
- die ondersteuning van boere deur middel van 'n volledige ondersteuningspakket
- opheffing van strukturele probleme om langtermynvolhoubaarheid te verseker.






Mnr. Makoele van die plaas Dagbreek

# Gesamentlike ontwikkelingspoging

Die projek is 'n gesamentlike inisiatief van veelvuldige rolspelers, naamlik VKB, The Job Fund, die *Grain Farmer Development Association (GFADA)*, Aartappel SA, die Droëbone Produsente Organisasie (DPO) en Land Bank.

# Omvang

In Limpopo word vier plase ontwikkel met spilpuntbesproeiing om aartappels, suikermielies en ander intensiewe gewasse te verbou. In die Vrystaat word nege plase ontwikkel met verbouing van grane, suikerbone en aspersies.

# Steun teen strukturele probleme

Boere word met 'n volledige ondersteuningspakket bygestaan ten opsigte van mentorskap op die plaas, formele opleiding (NKR2 – Sertifikaat in Plantproduksie), finansiering, verkryging van insette, besigheidsbestuur, meganisasie en markte vir produkte.

Toelaes word ook gebruik om strukturele kwessies soos die gebrek aan kapitaal, meganisasie, grondkorreksie, infrastruktuur, kontoere, besproeiing, kennis en vaardighede die hoof te bied.



## Produksie van aspersies

Aspersies is 'n langtermyngewas met 'n leeftyd van 13 jaar. Dit kan nie binne die eerste twee jaar geoes word nie, maar begin in die derde jaar en bereik sy piek ná agt jaar. Die saad is nie plaaslik beskikbaar nie en moet ingevoer word. Die produksie van aspersies verg intensiewe vestigingskapitaal van sowat R65 000 per hektaar.

Daar is twee duidelik onderskeibare teikenmarkte vir vars (groen) aspersies en vir (wit) aspersies wat geblik of ingelê word.

Produsente van hierdie gewas moet op die internasionale mark kan meeding.

## Werkskepping

Aspersies en suikerbone is bekend dat dit arbeidsintensief is. Die projek sal na raming 250 permanente ekwivalente werksgeleenthede skep.

## Dagbreek

In Oktober vanjaar het 'n afvaardiging van ministers, hoëlui en ander belanghebbendes die plaas Dagbreek van LJ Makoele tussen Qwa-Qwa en Harrismith besoek. Hierdie plaas is een van die plase in die Vrystaat waar die verbouding van aspersies aangepak word.

Die plaas is 386 hektaar groot met 280 hektaar bewerkbare grond. Benewens verbouing van graan, suikerbone en voer is daar ook 'n gevestigde suiwelvertakking gevestig. Die saaiboerdery word uitgebrei deur grond by te huur. Mnr. Makoele het die plaas met behulp van 'n Land Bank lening gekoop, en in September vanjaar die laaste paaiement daarop afbetaal.

Mnr. Makoele is sedert 2009 in VKB se ontwikkelingsprogram, waartydens hy met 'n volledige pakket van mentorskap, opleiding, finansiering, insetverkryging en bemarking bygestaan is. Hierby was verskeie rolspelers in gesamentlike projekte saam met VKB betrokke, naamlik, GFADA (Grain Farmer Development Association), Landbank, Graan SA, Jobs Fund, AgriSA, Melk Suid-Afrika en die Departement van Landbou- en Landelike Ontwikkeling (Vrystaat).



**Van die regeringsamptenare wat die geleentheid bygewoon het, is:**

Minister Senzeni Zokwana, minister landbou, bosbou en visserye; LUR Oupa Khoabane, die LUR vir landbou- en landelike ontwikkeling (Vrystaat); LP Peter Thabethe, die departementshoof van landbou- en landelike ontwikkeling (Vrystaat); dr. T. Masiteng, hoofdirekteur vir landbou- en landelike ontwikkeling (Vrystaat); mnr. Kopung Radikontsane, direkteur-generaal van die Vrystaat; raadslid Malefu Vilikazi, die uitvoerende burgemeester van die Thabo-Mofutsanyana-distriksmunisipaliteit en raadslid Vusi Tshabalala, uitvoerende burgemeester van die Maluti-A-Phofung-munisipaliteit.





# ASPERSIE RESEPTE

## ASPERSIESLAAI

**500 g vars gekookte aspersies**

**150 ml slaaisous**

**60 ml fyngekapte sprietui**

**12.5 ml gekapte grasui**

**250 g gaar boontjies, gedreineer**

**1 klein kropslaai**

**12.5 ml fyn gekapte pietersielie**

Meng aspersies en die boontjies met 125ml slaaisous terwyl dit nog warm is. Was en droog slaai blare af, gooi res van slaaisous oor boontjies/aspersies en meng slaaiblare daarmee. Rangskik slaai in glasbak en besprinkel met fyngekapte sprietui, pietersielie en grasui.

## ASPERSIETERT

**1 Koppie meel**

**125 g margarien**

**1 klein blikkie roommielies**

**sout**

Meng alles in 'n tertbord

### Vulsel:

**3 groot ui gekap en ge soteer in 65 g margarien**

**1 Koppie kaas**

**2 ml sout**

**2 eiers geklits**

**1 Koppie suurroom of yogurt**

**1Blik Aspersies (gedreineer)**

**1 Telepel suiker**

Meng alles,gooi in kors
en bak 45min.







# Die Verbouing van **pampoene** en **skorsies**

Pampoene en skorsies vorm 'n steeds toenemende belangrike deel van die verbruiker se groentemandtjie en die vraag neem steeds toe soos wat die Suid-Afrikaanse verbruiker se eetgewoontes verander. Die rol van die supermarkte wat voortdurend na nuwe produkte soek en verstedeliking speel hier 'n belangrike rol. Terselfdertyd is daar ook 'n groeiende tendens in die uitvoere van veral botterskorsies en grysskilpampoene. Die vraag na beter kwaliteit en smaak asook ekonomiese oorwegings soos hoër pryse in die winter of vroeë lente het daartoe gelei dat daar vandag oorwegend baster pampoen en skorsie variëteite aangeplant word.

## Grysskilpampoene

Sakata het in die sestigerjare die eerste grysskilpampoen in die Suid-Afrikaanse mark vrygestel. Die markplek het gou 'n voorkeur vir grysskilpampoene ontwikkel en dit was 'n groot sukses. Hierdie voorkeur kom van die verbruiker en die uitvoerders wat hou van die verbeterde smaak, tekstuur en houvermoë wat kenmerkend van Sakata se variëteite is. Die sukses van Sakata se pampoen-variëteite, Sampson en Nelson, lê opgesluit in die voordeel van bastergroeikrag. Die sterk groeiende plant lei tot beter aanpasbaarheid by omgewingsfaktore wat lei tot hoër opbrengste, eenvormige drag, vroeër produksie en beter verdraagsaamheid teen siektes.

**Sampson** - Hierdie nuwe generasie grysskilvariëteit is 'n sterk, groeikragtige groeier wat mediumgrootte pampoene produseer. Die vrugte beskik oor 'n klein saadholte, is baie eenvormig in grootte en gewig en weeg tussen 4 en 7 kg. Die houvermoë van die vrugte is uitstekend deurdat dit vir 'n tydperk van tot ses maande in geskikte toestande gestoor kan word. Sampson se ferm vleis en goeie houvermoë maak dit ook geskik vir verwerking. Sampson kan in beide die somer- en winter produksie areas geplant word.

**Nelson** is 'n semi-bostipe grysskilvariëteit wat vroeg bekwaamheid bereik. Die voordeel wat bostipe pampoene vir die produsent inhou is dat meganiese skoffel van onkruid tot laat in die seisoen moontlik is en dat die produksiesiklus korter is as die van ranktipes. Nelson beskik oor groeikragtige plante wat mediumgrootte (3 tot 5 kg) pampoene produseer. Die vrugte se uitstekende interne kwaliteit maak dit ideaal vir verwerking.

## Botterskorsies

Sakata het die afgelope aantal jare bekendheid verwerf vir hulle hoë kwaliteit basterbotterskorsies. Met variëteite wat baie hoë opbrengste, sterk, groeikragtige plante en uitstekende eksterne sowel as interne kwaliteit lewer, het Sakata nuwe standaarde gestel vir die botterskorsiemark in Suid-Afrika.

**Pluto** het geen bekendstelling nodig nie en word alreeds vir die afgelope paar jaar as een van die markleiers bestempel met kenmerke van hoë opbrengs, uitstekende kwaliteit en baie eenvormige vrugte. Quantum is 'n susterlyn van Pluto wat effens kleiner vrugte produseer gedurende die warmer maande van die jaar, maar beskik steeds oor die uitstekende kwaliteit en hoë opbrengs wat Pluto so gesog maak.

Pluto se sterk groeiende plante is wyd aanpasbaar en is dus minder vatbaar vir siektes. Die opbrengspotensiaal van Pluto is uitstekend en die vrugte kraak nie maklik nie. Pluto se vrugte is baie eenvormig en die diep-oranje vleis beskik oor uitstaande smaak en hoë suikerinhoud. Die bekwame vrugte het 'n uitstekende raklewe en is geskik vir die varsmark, uitvoer en verwerking.

**Quantum** kan in alle opsigte as 'n kleiner Pluto beskou word, en beskik oor dieselfde eienskappe wat opbrengs en kwaliteit betref. Die kleiner vrugte van Quantum is perfek vir kettingwinkels wat 'n aanvraag het na mediumgrootte botterskorsies. Quantum is 'n volrank tipe, met baie aanpasbare en groeikragtige plante, wat dit minder vatbaar maak vir siektes. Die opbrengspotensiaal van Quantum is uitstekend, en die vrugte is ook nie geneig om te bars nie. Die variëteit het 'n uitstekende vrugsetvermoë, en kan oor 'n lang tydperk vrugte dra as gevolg van die plante wat lank gesond bly.

Skakel gerus u naaste Sakata-verteenwoordiger vir meer inligting en produksiepraktyke van hierdie variëteite, of besoek Sakata se webwerf, www.sakata.co.za vir die totale produkreeks.

AFWYSENDE KLOUSULE: Hierdie inligting is op ons waarnemings en/of inligting vanaf ander bronne gebaseer. Aangesien gewasprestasie van die interaksie tussen die genetiese potensiaal van die saad, die fisiologiese eienskappe daarvan en die omgewing, bestuurspraktyke ingesluit, afhang, gee ons geen waarborg – uitdruklik of deur implikasie – vir die prestasie van gewasse relatief tot die inligting gegee nie. Ook aanvaar ons geen aanspreeklikheid vir enige verlies, direk of as gevolg daarvan, wat te wyte aan enige oorsaak ook al mag ontstaan nie. Lees eers asseblief Sakata Seed Southern Africa (Edms.) Bpk. se verkoopvoorwaardes voordat saad bestel word.




# Sakata - kwaliteit Pampoene & Botterskorsies



Nelson



Sampson



Pluto



Quantum

SAKATA®

PASSION in Seed

MayFord

Tel: 011 548 2800
www.sakata.co.za
e-pos: info.saf@sakata.eu

QUALITY | RELIABILITY | SERVICE

# Jig

## dis ’n pynlike storie!



Gesondheid



“En as jy nou weer vandag so mank loop? Keil die gout jou weer op?” Ja, ons almal het al daardie grappie met iemand gemaak, maar dis net iemand wat self deur jig gepla word, wat weet presies hóé so ’n *gout*-toon jou kan opkeil. **Hannelie Cronjé** het meer gaan lees oor wat jig (of soos ons dit meestal onder sy Engelse naam, *gout*, ken) is, wat dit veroorsaak en hoe ons dit kan behandel.

Volgens die boek *Arthritis Research & Therapy* is jig in 2640 v.C. reeds deur die Egiptenare geïdentifiseer en is dit in die vyfde eeu deur Hippokrates die “onloopbare siekte” (*unwalkable disease*) genoem. En volgens mense wat al so ‘n jigaanval gehad het, klink dit nogal na ‘n baie raak beskrywing.

Regdeur die geskiedenis is jig geassosieer met ‘n leefstyl wat net die rykes kon bekostig en daarom is dit ook die “siekte van konings” genoem.

Volgens die webblad https://wol.jw.org is jig een van die algemeenste vorme van artritis en kan dit verskriklik pynlik wees.

“Die boek *Arthritis* sê: ‘Jig is ’n versteuring van die uriensuurmetabolisme’, oftewel die afbreking van uriensuur. Wat meer is, dit ‘is ’n versteuring waarvan die oorsaak duidelik geïdentifiseer is – die aanwesigheid van uriensuurkristalle in die sinoviale vog [gewrigsvog] van ’n gewrig . . . , veral in die groottoon’.

“Uriensuur is ’n afvalstof wat in die bloed sirkuleer en wat vorm wanneer die liggaam stowwe wat puriene genoem word, afbreek. Wanneer uriensuur opbou, gewoonlik omdat dit nie doeltreffend in die urine uitgeskei word nie, kan naaldagtige kristalle in die gewrig aan die onderkant van die toon vorm, maar dit kan ook ander gewrigte aantas. Die gewrig kan ontsteek raak en swel, warm voel wanneer jy daaraan raak en verskriklik pynlik wees.

‘Selfs as jy net liggies daaraan raak, sal dit ’n ondraaglike steekpyn veroorsaak’ , sê ’n lyer.

‘Sonder behandeling duur ’n jigaanval gewoonlik omtrent ’n week’, sê ’n inligtingsblad wat deur Arthritis Australia gepubliseer is. ‘Maande of selfs jare kan verbygaan voordat nog ’n aanval ondervind word. As jig nie behoorlik bestuur word nie, kan die aanvalle gouer op mekaar volg, [kan dit] erger word en kan die gewrigte permanent beskadig word. Soms kan jig in ’n chroniese toestand (langtermyntoestand) ontwikkel.’”

En tog is jig volgens hierdie artikel een van die mees behandelbare vorme van artritis.

“Die behandeling behels gewoonlik niesteroïede, anti-inflammatoriese middels of, in die geval van herhaalde of baie hewige aanvalle, allopurinol wat help voorkom dat uriensuur vorm.

“Kan verdere jigaanvalle verhoed word? Dit is moontlik, indien die lyer bewus is van die risikofaktore.”

# **Risiko**faktore

"Die vernaamste risikofaktore is ouderdom, geslag en genetika. Volgens sommige kenners het meer as 50% van lyers 'n familiegeskiedenis van die siekte. Dit is hoofsaaklik mans wat jig kry, veral dié tussen die ouderdom van 40 en 50. Trouens, dit is drie of vier keer waarskynliker dat mans die siekte sal kry as vroue, wat dit selde voor menopouse ontwikkel."

Die risikofaktore volgens hierdie artikel is:

## Vetsug en dieet

Die *Encyclopedia of Human Nutrition* sê: "Die dieetkundige bestuur van jig is blykbaar nie meer op die beperking van voedselsoorte met 'n hoë purieninhoud gerig nie, maar eerder op die behandeling van metaboliese versteurings wat oor die algemeen met jig verbind word: vetsug, insulienweerstandigheid en dislipidemie", of abnormale vlakke van lipiede, soos cholesterol, in die bloed.

Nietemin beveel sommige kenners ook aan dat lyers minder kossoorte eet wat baie puriene bevat, soos gis, sekere vissoorte en verskeie soorte rooivleis.

## Drank

Oormatige alkoholinname kan die uitskeiding van uriensuur belemmer, wat dit laat opbou.

## Mediese toestande

Volgens die Mayo-kliniek in die Verenigde State, kan sekere mediese toestande, insluitende "onbehandelde hoë bloeddruk (hipertensie) en chroniese toestande soos diabetes, hoë vet- en cholesterolvlakke in die bloed (hiperlipidemie) en vernouing van die slagare (arteriosklerose)", tot jig aanleiding gee. Jig word ook verbind met "skielike of ernstige siekte of besering en onbeweeglikheid weens bedrus", sowel as niersiekte. Klaarblyklik word veral die groottoon deur jig aangetas omdat dit 'n swakker bloedsomloop en laer temperatuur het – twee toestande wat die neerslag van uriensuur kan bevorder.

## Medikasie




# Verminder die **risiko** van **verdere aanvalle**

**Omdat ons leefstyl baie te doen het met jigaanvalle, kan die volgende wenke volgens die artikel lyers help om die kanse van nog aanvalle te voorkom of te verminder.**



**1.** Omdat jig 'n metaboliese versteuring is, moet lyers 'n gesonde gewig probeer handhaaf deur hulle kalorie-inname te beperk. Wat meer is, as 'n mens oorgewig is, plaas dit 'n ekstra las op gewigdraende gewrigte.

**2.** Pasop vir kitsdiëte en vinnige gewigsverlies, wat uriensuurvlakke in die bloed tydelik kan verhoog.

**3.** Vermy te veel diereproteïen. Sommige beveel 'n maksimum van 170 gram maer vleis, insluitende hoender en vis, per dag aan.

**4.** As jy alkohol gebruik, moet jy matigheid voor oë hou. As jy 'n jigaanval kry, sal dit dalk beter wees om alkohol heeltemal te vermy.

**5.** Drink baie niealkoholiese vloeistowwe. Dit help om uriensuur te verdun en uit die liggaam te spoel.

In 'n artikel op die webblad https://welstand.solidariteit.co.za lees ons dat jig "meer as agt miljoen volwassenes in die Verenigde State affekteer, waarvan ses miljoen mans is".

"Enigeen wat al jig gehad het, kan getuig van die hoë pynvlakke wat dit veroorsaak en hoe dit jou vermoë affekteer om goed op te tel of jou ledemate ten volle te gebruik."



Gesonde voet.

Voet met jig.



Gesondheid

# Waar, wanneer en hoe?

Dr. Robert Shmerling, die kliniese hoof van rumatologie by die Beth Israel Deaconess Mediese Sentrum, sê ook die groot lit van die groottoon word oor die algemeen die meeste geaffekteer, gevolg deur die kant van die voet en enkel. "Ander areas sluit in die knieë, hande en polse. Die meeste episodes duur ongeveer sewe tot tien dae.

"Jig kan enige tyd toeslaan; merendeels snags of vroeg in die oggend. Die hoofredes hiervoor is skynbaar die laer liggaamstemperatuur en dehidrasie wat snags plaasvind.

"Dit is 'n erge vorm van artritis gekenmerk deur skielike, hewige aanvalle van pyn, rooiheid en teerheid in die gewrigte. Nadat die ergste intensiewe pyn verdwyn het, mag jy steeds ietwat talmende ongemak en verminderde gewrigsmobiliteit ervaar.

"Sommige mense sê dit is 'n chroniese toestand, maar chroniese jig in ouer volwassenes kan met artritis verwar word."

Ook Shmerling sê dieetkeuses is 'n hoofdeterminant in die ontwikkeling van jig. Hy waarsku ook teen groot hoeveelhede "vleis, orgaanvleissoorte, skulpvis, drankies versoet met vrugtesuiker (fruktose) en alkohol (veral bier)".

# Kure

"Die hoofgroepmedisynes is nie-steroïdale anti-inflammatoriese medisynes (NSAID's). Dit sluit in oor-die-toonbank opsies soos ibuprofeen (soos Advil) en naprokseen natrium (Aleve). Xantien oksidase inhibeerders beperk effektief die hoeveelheid uriensuur wat jou liggaam skep en dit sluit allopurinol (Aloprim, Lopurin, Zyloprim) en febuxostaat (Uloric) in.

"Raadpleeg egter jou dokter voordat jy hierdie medisynes probeer. Hy sal weet watter is die veiligste en effektiefste om jou jig te bestry."

Op www.health24.com lees ons dat appelasyn (*apple cider vinegar*), gemmerwortel en kersies ook goeie rate is teen die opbou van suur en ook die verligting van jigpyn. Engelse sout en koeksoda breek ook suur in die liggaam af en skei dit uit.

Die kruiekenners Antoinette Pienaar en haar mentor, oom Johannes Willemse, het hierdie resep vir jig:

Voeg 1 kg gekapte knoffel by 1 liter water. Kook die mengsel vir 30 minure. Verwyder van die hitte en gooi 250 heuning en 1 liter rietspiritus (*cane spirit*) by die mengsel terwyl dit nog kokend warm is sodat die alkohol kan verdamp. Wanneer dit afgekoel is, gooi dit deur 'n sif in 'n glasbottel en bêre in die yskas. Drink drie keer 'n dag 'n sopie hiervan. Drink dit alles op, wag 'n week en berei nog 'n bottel voor. Jy sal ses tot agt bottels moet opdrink vir optimale resultate, sê hulle.

Op die Boererate Facebook-groep word die volgende aanbeveel: "Jigsimur", appelasyn, hawermoutpap, Multiforce Alkaline Powder, komkommers en 'n goeie kalsium en magnesium aanvulling.

Hulle beveel ook aan dat jy jou inname van sitrusvrugte, piesangs en tamaties beperk.



deur **Martie Preller**

# Drie kamele vir Kersfees

Die muur is hard agter Christiaan se rug. Hy sit op die klipvloer van die stoep net langs die buitedeur na die eetkamer. Hy staar na die donker hemel. Daar is nie 'n ster in sig nie. Hy hoor Pa en Ma lag in die slaapkamer.

"Kom kyk, Christiaan," roep Ma. "Jou boetie het so pas 'mamma' gesê."

'Dis nie waar nie!" lag Pa. "Pappa. Hy het 'pappa' gesê. P a p p a. Kom luister jy, Christiaan, dan sê jy wat Boetie sê!"

"Ek is besig," skreeu Christiaan. "Ek kan nie nou kom nie."

"Ag, Christiaan," roep Ma, "kom sit hier by ons."

"Ek kan nie nou nie," antwoord Christiaan vies. Eintlik wíl hy nie saam met Pa en Ma om die boetie se bedjie staan en koerrrrr nie. Pa en Ma raak skoon laf as hulle naby die babatjie kom. Pa wikkel selfs sy ore vir hom en dan lag die babatjie sulke simpel klein laggies. Pa wikkel nóóit meer sy ore vir hóm nie. Die kamstige boetie is die simpelste ding wat hy nog gesien het. Hy kan níks doen nie. Hy lê net daar en álles word vir hom gedoen en dan dink almal nog hy is so oulik. Oulik se voet. Simpel. Nikswerd.

"Hy sê beslis mamma!" hoor hy Ma se stem.

"Nooit," stry Pa. "Jy hoor verkeerd. Pappa."

"Hy sê GOE GOE GA GOE GOE GA," skreeu Christiaan. "En dit beteken NIKS."

Dit word stil in die slaapkamer. Christiaan laat sak sy kop op sy knieë. Ag tog. Hoekom het hy tog nou so 'n lelike ding gesê?

"Wat sit jy weer hier in die donker? Kom help my in die kombuis, Christiaan," sê Ma agter hom. "Die kos is amper klaar. Dan kan ons presente gee."

"Ek sal nou kom, Ma," antwoord Christiaan. "Ek sit net nog 'n bietjie hier."

Pa sê saggies iets vir Ma, maar hy kan nie hoor wat nie.

"Goed," sê Ma. "Ek sal roep as die kos klaar is."

"Oukei, Ma," antwoord Christiaan. Hy vlieg op en hardloop na die swaai toe. Hy gaan sit en maak homself hoër en hoër en hoër todat dit voel asof hy

amper aan die donker hemel kan raak.

Alles is so anders vandat sy boetie gekom het. En hy moet volgende jaar grootskool toe gaan en niemand dink meer aan hom nie. Almal is net altyd besig met die babatjie.

Hy skop sy bene uit en trek hulle saam. Hy gaan hoër en hoër. Dit voel amper asof die swaai bolmakiesie wil maak. Hy wil so graag 'n fiets hê vir Kersfees, maar hy weet hy gaan nie een kry nie. Pa sê kinders is duur. En nou is hulle twee. En die babatjie het baie goed nodig. Simpel ding.

Hoër en hoër.

En dan sien hy die ster.

Hy skop sy bene uit en hulle sleep oor die grond. Die swaai kom tot stilstand.

Waar het dié ster vandaan gekom? Hy dog hy het hulle almal gepluk. Elke aand sit hy daar teen die muur en pluk sterre. En dan sit hy hulle in sy rooi sakkie waarin hy altyd sy albasters bêre. Hy was seker hy het ál die sterre gepluk. Vir wat sit hulle daar en blink in die donker? Hulle maak hom vies. Tannie Marie het gesê toe sy hier aangekom het met armsvol presente vir die babatjie: "O, Christiaan! Jou ogies blink seker soos twee sterretjies oor jou nuwe boetie."

Hy wou sê: Nee, tannie Marie. My ogies blink nie soos twee sterretjies nie. Ek hou niks van my boetie nie. Hy is simpel. Maar 'n mens mag nie sulke lelike goed sê nie.

Hy kyk weer na die ster. Dis regtig 'n blink ster. Maar hy hang nie baie hoog nie. Hy sal hom sommer maklik kan pluk.

Hy haal sy rooi sakkie uit sy broeksak en steek sy ander hand uit na die ster. Maar hy kry hom nie raakgevat nie. Hy staan op sy tone. Daar ... amper. Nee. Dis mis. Dit lyk asof die ster beweeg. Miskien is dit 'n vallende ster. Dan kan hy wens. Maar, nee, die ster val nie; hy beweeg net. Hy klim op die klimraam waaraan die swaai hang. Nou sal hy hom maklik kan raakvat. Maar hoe hy ookal vat, hy kry hom nie raakgevat nie.

"Is jy ook agter die ster aan?" vra 'n stem onder hom.

Christiaan kyk af. Hy skrik so groot dat sy hande amper losgly van die klimraam. Hy gryp net betyds weer vas.

'n Kameel staan langs die klimraam. En op sy rug sit 'n man met lang klere aan.

Daar is 'n kameel in hulle tuin. 'n Kameel? Hy maak sy mond oop om vir Pa te skreeu, maar dan maak hy sy mond weer toe sonder dat daar 'n geluid uitgekom het.

"Hierdie kant toe," skreeu die man op die kameel. Christiaan kan hom duidelik sien in die lig van die helder ster. Dis nie dieselfde stem as die een wat met hom gepraat het nie. Wie het met hom gepraat?

"Hulle is ook agter die ster aan," sê die stem weer.

Dis die kameel! Dis die kameel wat met hom praat.

"Praat jy met my?" vra Christiaan versigtig.

"Jip," sê die kameel. "Hulle dink ek kan nie praat nie. Ek is mos net 'n kameel."

"Ek het nog nooit met 'n kameel gepraat nie," sê Christiaan. "Ek het nog nooit eens 'n kameel gesien nie. Nie 'n regte een nie. Net prentjies van kamele."

"Hierdie kant toe," skreeu die man op die kameel weer. "Hier's water!"

Christiaan moet weer klou aan die klimraam van skok, want om die hoek van die huis kom nog twee kamele aangestap.

"Ek dink ons moet hier bly vir die dag," sê die man op die kameel. "Die son kom al amper op. Dan kan ons môrenag verder reis."

Die kameel kniel en die man seil van die kameel se rug af.

"Dis 'n goeie plan," sê die mans op die ander twee kamele. "Ons het al ver gekom."

Christiaan se mond hang oop. Drie mans op kamele. Maar hulle dink dis amper dag. En dit is nie.

"Ek het 'n kind gekry," sê die kameel wat met Christiaan gepraat het.

"Hallo daar," sê die ander twee kamele.

"Hallo," sê Christiaan verstom.

"Maar hy is nie die regte kind nie, is hy?" vra die een kameel en kniel langs die ander kameel sodat die man op sy rug ook kan afklim. "Die regte een is nog net 'n babatjie."

Christiaan voel hoe hy sommer skielik rooi word van kwaaigeid.

"Wat bedoel jy ek is nie die regte kind nie? Wat is dit met almal dat hulle so behep is met babatjies? Nes mens groter word, sien niemand jou meer raak nie."

"Ja, Kameel, daar het jy nou jou poot daarin gesit. Nou het jy die kind kwaad gemaak," raas die derde kameel as hy ook kniel sodat die man kan afklim.

"Ekskuus, ekskuus, " sê die kameel. "Ek het dit glad nie so bedoel nie. Ek bedoel maar net jy is nie die kind wat die manne soek nie."

"Watse kind soek julle?" wil Christiaan weet.

"Ons weet nie," antwoord die een kameel. "Maar die manne praat van 'n kind wat hulle soek. 'n Baie, baie spesiale kind."

Christiaan se oë staan meteens stokstyf in sy kop. Drie mans op kamele wat 'n kind soek? En 'n helder ster wat voor hulle uitbeweeg? Dit kan nie wees nie. Dit kan nie waar wees nie. Dis tog onmoontlik!

Maar die mans is besig om so 'n tentafdak langs die swembad op te slaan. In hulle tuin. Hy sien hulle. En hy sien die kamele.

"Ek wonder wat gaan aan?" sê die een kameel. "Wat het van al die ander sterre geword? Dis net hierdie een blink ster. Ek mis al my sterre."

"Ek het hulle gepluk," sê Christiaan.

"Hoekom?" vra die ander kameel verstom.

"Ek was kwaad," sê Christiaan. "Ek het 'n bababoetie gekry en niemand gee meer aandag aan my nie."

"Waar's die sterre nou?" wil die een kameel weet.

"Hier in my sakkie. Dink julle ek moet die sterre teruggooi?" vra Christiaan.

"Ons weet nie," sê die kamele in 'n koor.

"Is jy nog kwaad?" vra die een.

"'n Bietjie," sê Christiaan. "Maar nie meer so baie nie."

"Jy moet maar self besluit wat jy wil doen," sê die een kameel.

Christiaan voel aan sy sakkie vol sterre. Die kameel het gesê hy mis sy sterre. Dis die kameel se sterre ook. Nie net syne nie. Hy maak die sakkie oop en strooi die sterre oor sy kop. Skielik is die hemel vol liggies. Maar die een ster, wat hy nie kon vang nie, is nog steeds helderder as al die ander.

"Dit lyk nou moooooi," sê die een kameel. "Dis soos dit moet lyk."

"Christiaan!" roep Ma deur die agterdeur. "Wat maak jy nou op die klimraam?" Sy kyk meteens op. "Maar dit is 'n wonderlike aand buite. Kyk net al die sterre. Geen wonder jy sit hier buite nie. Ek dink ek bring ons kos uit, dan eet ons op die stoep."

Ma verdwyn weer in die huis. Sy het nie die kamele en die manne gesien wat nou saggies sit en gesels om die vuur wat hulle gemaak het nie, dink Christiaan. Maar sy het die sterre gesien.

"Ek is jammer, maar ek moet nou gaan," sê Christiaan vir die kamele. "Ek moet my ma gaan help."

"Dis reg so," sê die een kameel.

"Ons moet ook nou rus. Daar lê nog ver paaie voor," sê die ander kameel.

"Gaan jou goed, Christiaan," sê die derde kameel.

"Dankie dat julle gekom het," sê Christiaan as hy van die klimraam afgly. "En mag julle reis voorspoedig wees. Ek weet dit sal wees. Julle sal die babatjie kry."

Christiaan drafstap huis toe. Hy gaan staan stil op die stoep en kyk vir oulaas om na die kamele. Dan kyk hy na die sterre. Hulle is almal daar. Soos hulle moet wees. En die groot blink een.

Hy hardloop in die huis in. Hy steek vas en kyk na die Kersboom in die hoek van die eetkamer. Volgende jaar sal hy ook versierings maak. Sommer baie. Sommer baie mooies. Vanjaar was hy nie lus nie.

Dan hardloop hy in die gang af. Hy gaan staan langs Boetie se wiegie. Boetie se oë is oop en hy gorrellaggie skielik uit sy keel.

"AS ek dalk eendag 'n fiets kry, kan JY ook daarop ry," sê Christiaan. "Maar ek sal jou eers moet leer. Jy is nog heeltemal te dom. En jy sal versigtig moet wees. Dis nie maklik om fiets te ry nie en 'n mens val seer as jy val."

"Goe tiii – giiiiii ," sê Boetie en frons skielik.

"Maar ek sal jou leer. Dit sal als oukei wees," sê Christiaan.

Boetie lag weer. Christiaan glimlag ook. Net so effens.

"Goe ti aaa," sê Boetie.

"Wat sê jy daar?" vra Christiaan.

" Goe ti aaa goe goe gaaaaaaa," lag Boetie.

"MA! PA!" skreeu Christiaan en hol by die deur uit en af in die gang. Pa en Ma kom verskrik uit die kombuis te voorskyn.

"Wat is dit?" vra hulle.

"Hy sê TIAAN ..." glimlag Christiaan van oor tot oor. "Hy sê nie pappa nie. Hy sê nie mamma nie. Hy sê TIAAN! Julle kan net nie mooi HOOR nie. En ek kan SELF my ore wikkel. Kyk!"

Christiaan wikkel sy ore.

Pa lag so dat hy amper omval.

"Ek het lank geoefen," lag Christiaan. "Daar buite in die donker."

Hy sit sy leë albastersakkie in sy broeksak. Hy sal sy albasters moet gaan soek. Hulle lê sy hele kamer vol.

# YOU DON'T GET WHAT YOU PAY FOR. YOU GET SO MUCH MORE.




**WATER BASED PLASTER PRIMER**
A powerful primer that's not only resistant to alkali and water but has great hiding abilities.

**UNIVERSAL ACRYLIC PVA**
Not only is this our most affordable "Breathe Easy" PVA but combined with with Low VOC's and Low Odour it has great hiding properties as well as being touch dry in just 4 hours.

**PROFESSIONAL TRADE LOW SHEEN ACRYLIC.**
Historically washability equals sheen equals big money. Now, our newly formulated cost-effective Low Sheen Acrylic PVA, totally change the game with their Low odour and Low VOC as well as being totally washable and very affordable.

These days everyone, consumer and contractor alike, are looking for the best of everything. Best paint quality, best colours all at the best prices, exactly what our range of Medal Professional Trade paints offers.

Talk to your Medal Rep to find out about these and the rest of our Professional Range and our exciting in-store POS material.

Johannesburg (011) 661-5700 / Durban (032) 459-1245 /
Bloemfontein (051) 432-0539 / East London (043) 736-9011 / Cape Town (021) 932 0685

# NTK GHOLFDAG ten bate van PLAASVEILIGHEID

**Die nuus word die afgelope paar weke oorheers deur plaasveiligheid en die belangrikheid daarvan om boere veilig op hul plase te hou ten einde voedselsekerheid te verseker. Baie mense het gevoel dat daar opgetree moet word, daadwerklik 'n bewustheid van die probleem geskep moet word.**

NTK het ook gevoel dat daadwerklike optrede nodig is en daarom is die jaarlikse NTK Gholfdag aangebied met die doel om 'n skenking te maak aan plaasveiligheid. 'n Bedrag van R100 000 is ná afloop van die gholfdag deur Francois Froneman (uitvoerende direkteur: Landbou – Limpopo (NTK)) aan Douw Pelser en Johan de Beer van Limpopo Landbou Forum: Veiligheid oorhandig. 'n Bykomende R6 000 is bygevoeg nadat 'n koelhouer tydens die geleentheid opgeveil is en Agrinet die bykomende bedrag bewillig het.
Die NTK Gholfdag het oor die jare reeds 'n instelling geword. Die doel van die gholfdae was voorheen om aan boere die geleentheid te gee om NTK se bestuur te leer ken en aan verskaffers om direk met die eindverbruiker kennis te maak. Dit was altyd gesellige dae moontlik gemaak deur NTK en sy verskaffers. Ongelukkig kon min boere betrek word by die NTK Gholfdag en oor die jare was dit gewoonlik dieselfde boere wat kom speel het.



Francois Froneman het oor die formaat van die dag nagedink. Al was dit 'n lekker geleentheid, het die vraag ontstaan of die doel nog in die kol was. Omdat dit reeds 'n gevestigde dag was en die fasiliteite van die Koro Creek Golf Estate so puik is, moes die dag net 'n ander baadjie aantrek. Vandaar die doel van die dag: om fondse te in vir plaasveiligheid.
Die vraag was egter aan wie moet hierdie geld geskenk word.
'n Nuwe forum het nie lank gelede nie in Limpopo ontstaan. NTK-direkteur, Japie van der Goot, het 'n leidende rol gespeel in die totstandkoming van Limpopo Landbou Forum, 'n forum wat as spreekbuis optree vir verskeie georganiseerde landbou-organisasies oor kwessies van gemeenskaplike belang. So is daar verteenwoordiging van TLU Noord, Agri Limpopo, AFASA en NAFA op hierdie forum. Douw Pelser en Johan de Beer dien op hierdie forum spesifiek oor sake rakende veiligheid terwyl ander persone soos Drickus Botha, Stephen Vermaak, Willem van Jaarsveld, Ben Engelbrecht, Sakkie Lourens en ander bestuursposisies in georganiseerde landbou en HPG beklee.
Op 22 September vanjaar is die Rural Strategy Forum deur al vier organisasies onderteken en so het Limpopo die eerste provinsie geword wat 'n veiligheidsplan op die tafel gesit en begin implementeer het. Daar word op 'n maandelikse basis met genl.maj. Jan Scheepers van die SAPD Limpopo vergader oor landelike veiligheid in Limpopo. Elke boer, plaaswerker en kleinhoewebewoner val onder hierdie forum.
'n Ernstige pleidooi is dat boere by georganiseerde landbou sal aansluit sodat beter samewerking bewerkstellig kan word. Slegs deur betrokkenheid kan en sal die probleem van landelike veiligheid aangespreek word, aldus Louw Pelser.
Die ontstaan en werking van hierdie forum het aan NTK die geleentheid gegee om die geld wat tydens die gholfdag deur verskaffers as borgskappe gegee is, sowel as inskrywingsgelde deur spelers, te kanaliseer om plaasveiligheid te bevorder. Die "voertuig" was dus reeds gestig en uiters geskik om geld vir die regte aksies aan te wend.

## NTK bedank graag borge wat deelgeneem het aan die NTK Gholfdag 2017:

**Hoofborge:** Agrinet, Driehoek Voere, Efekto, Total.

**Ander:** X Fields, ATKV Eiland Spa, Weesgerus Vakansieoord, Forever Resorts Tshipise, Starke Ayres, Alnet, Prodist, Cape Gate, Academy Brush, Protek, Must Paper Industries, Afrivet, Grainfield Chicken, Avis, VKB Milling, Canon, Auto X, JoJo, CRI, DPI, MacSteel en Cop Watch.

















Op hierdie platform praat georganiseerde landbou uit een mond – tot voordeel van die boer se veiligheid. Douw en Johan sal, met die forum se goedkeuring, geld van hierdie skenking by NTK kan onttrek vir sinvolle aanwending. Dit sal nie vir individue aangewend word nie, maar eerder vir gemeenskappe sodat vele daarby sal baat. Geakkrediteerde diensverskaffers sal betrek word en die geld deursigtig bestuur word. Hoewel daar nog nie aksies geïdentifiseer is waarvoor geld aangewend gaan word nie, noem Johan 'n voorbeeld dat dit vir glimbaadjies gebruik kan word vir padblokkades.

Daar is baie gate wat toegestop moet word, maar hierdie skenking van NTK gaan baie daarvan toestop. "Limpopo Landbou Forum: Veiligheid het groot waardering vir die R100 000 wat NTK vir beveiliging van plase in Limpopo geskenk het. Ons vertrou dat hierdie gholfdag jaarliks 'n bydrae tot landelike veiligheid in Limpopo sal lewer," sê Douw Pelser.

Francois Froneman het bevestig dat die NTK-Gholfdag jaarliks 'n bydrae tot hierdie waardige saak sal maak. "Vir die liefde van die Land."

Francois Froneman (Uitvoerdende Direkteur: Landbou Limpopo – NTK) oorhandig die tjek van R100 000 aan Douw Pelser van Limpopo Landbou Forum: Veiligheid.




'n Addisionele R6 000 is tydens die prysuitdeling deur Agrinet geskenk. Riaan Barnard oorhandig die tjek aan Francois.




Agrinet het op hierdie koelhouer gebie om die addisionele bedrag moontlik te maak. Hier is Riaan Barnard en Marius Loubser van Agrinet.








**Alle paaie lei na Reitz vir die 37ste VKB Bieliemieliefees, en as jy nie daar gaan wees nie, mis jy uit op 'n bielie van 'n fees!**

**VKB se Bieliemieliefees 2018 beloof om selfs nog méér van alles te hê as in die verlede om seker te maak daar is letterlik iets vir almal – of jy nou drie of 83 jaar oud is.**

## SANGERS & VERMAAK

kykNet is vanjaar aanboord as borg, wat beteken dat jy sal kan skouers skuur met van jou gunsteling sepiesterre. Kom neem die Saterdag deel aan die Boeresport om te sien watter van die baie gewilde sepiesterre gaan dit waag om ook aan sakresies, eiergooi en vele meer deel te neem.

En dis nie die enigste bekendes en beroemdes saam met wie jy sal kan kuier nie. Die sangers wat gaan optree en sorg dat daar behoorlik lyf geswaai word by die 2018 fees is:

**Die Campbells**
**Jonathan - Radio Raps**
**Snotkop**
**Adam**
**Bobby van Jaarsveld**
**Jo Black**
**Vernon Barnard**
**Bouwer Bosch**
**Anders**
**Irene Louise**
**Wit Kasteel**
**Blomtrein**
**Onbeskaamd**
**en nog meer...**

**GROOT Kontant Pryse in alle kompetisies te WEN!**

## TENTEDORP BIED KAMPEERPLEK

Vir die eerste keer word 'n tentedorp aangelê met 193 kampeerplekke waar Bieliemieliefeesgangers kan tuisgaan teen so min as R500 per persoon vir die hele naweek. Hierdie fooi sluit ook jou toegang tot die Bieliemieliefeesterrein in. Maar jy sal moet gou spring as jy 'n staanplek soek, want die belangstelling is groot.

## SPORTAKTIWITEITE EN KOMPETISIES

Een van die nuwe items op die 2018-fees se program is 'n 4x4-hindernisroete wat vir 4x4-entoesiaste groot plesier gaan verskaf.

By die 2018-fees sal die 42 km marathon ook vir die eerste keer dien as kwalifiserende marathon vir die Comrades 2018. Hierdie is dus die gulde geleentheid om die Bieliemieliefees by te woon as jy nog nie voorheen hier was nie, of as jy 'n verskoning soek om wel te kom.

Die Bieliemieliefees se bergfietsresies het ook al een van die gesogte wedrenne vir bergfiets-entoesiaste geword met 'n roete wat ewe veel uitdaging as natuurskoon bied.

'n Vierwielfietswedren ("quad-bikes") sorg vir groot opwinding, en as jy een van die avontuurlustiges is, mag jy dit nie misloop nie!

Die jaarlikse Vleismerino-veiling is een van die items wat boere van reg oor die land jaarliks na die Bieliemieliefees lok. Dan is daar ook die jongooi-kompetisie en ook uitstallings van beeste en boerbokke.

Vir sportentoesiaste word daar vanjaar vir die eerste keer ook voorsiening gemaak. Kom speel op die plaaslike bane rolbal, gholf, krieket of veerpyltjies of bring jou visstokke saam en kom maak saam lyne nat.

Daar is weer soos in die verlede verskeie kompetisies. Kom skryf jou mooiste Bieliemieliefees-foto in of bring jou naaldwerk of die kleinspan se kinderkuns en wen vyf nagte verblyf vir vier persone by die ATKV Klein-Kariba-vakansieoord in Bela-Bela.












Nog 'n nuwe item op Bieliemieliefees 2018 se program is die VKB-kookkompetisies. Sjef Ouma, Sjef Mamma, Sjef Tiener, Sjef Pappa en Sjef kleuter se wenners wen pryse ter waarde van R5 000.

## KINDERVERMAAK

Kinders is net so deel van die Bieliemieliefees soos die volwassenes. Daarom is daar vanjaar nog 'n nuwe item op die program waar daar vir hulle voorsiening gemaak word by die Kinderkarnaval waar hulle kan speel, hulle gesigte laat verf, aan karaoke deelneem en ook vir Buster en Bella kan ontmoet te midde van hope ander vermaaklikheid. Gekwalifiseerde personeel sal na hulle omsien teen 'n uurlikse fooi terwyl Mamma en Pappa die skouterrein kan verken. En in die pretpark is dit lekker om sommer net weer heeltemal kind te wees.

Die Bulletjie-rugby- en netbal-kragmetings van Hoërskool Reitz is 'n ou staatmaker op die Bieliemieliefees-program en lok elke jaar groot belangstelling. L.W. Hierdie is geskuif na die Vrydag.

By Bieliemieliefees 2018 is daar ook meer uitstallers en stalletjieshouers as voorheen. Uitstallers van plaastoerusting en -masjinerie sal weer hulle nuutste en grootste verkopers kom wys, terwyl stalletjiehouers van reg oor die land hulle mooiste ware saambring.

Tussen al die kosstalletjies waar Vrystaatse gasvryheid saam met heerlike kos en peuselhappies bedien word en die immergewilde kuiertent waar nuwe vriendskapsbande gesmee en nuwes gevestig word, bly die mae vol en die kele geolie, en word dit net nóg 'n rede hoekom die VKB Bieliemieliefees elke jaar met etlike duisende besoekers groei.




**Die Vrystaat en die VKB Bieliemieliefees kan nie wag om jou te verwelkom nie!**



Reitz • Die fees met gees

www.bieliemielie.co.za | #bieliemielie2018

**15 -18 Februarie 2018**

# Nuus

## Langdienstoekennings 2017

In 2017 is daar meer as 130 personeellede wat langdienstoekennings verwerf het – vanaf tien jaar diens tot en met 40 jaar. Dit wil gedoen wees!
Personeellede met 20, 25, 30, 35 en 40 jaar diens het 'n erkenningsfunksie op 8 November 2017 by Mooigelegen op Reitz bygewoon. Dit was 'n pragaand in kleure van wit en goud met glas en kristal.
Petrus Mofokeng van Reitz Silo is reeds 40 jaar by ons in diens en VKB wil hom veral uitsonder vir sy toegewyde diens.
Daar is ook by die funksie erkenning gegee aan personeel wat uitsonderlik presteer het in verskeie kursusse. Millicent Mbele verwerf status as elektrisiën; Caswell Mofokeng, Lydia Motsoeneng, Paulina Ntholeng en Phineas Molosi het die New Management Program voltooi en Lefu Mofokeng voltooi die Management Development Program.
Vanaf VKB se kant is ons trots om personeellede met dié soort dryfkrag in diens te hê.


















**VKB bedank Noreen Hancocks wat die funksie gereël het. Almal is met een dat dit 'n spoggeleentheid was en dat sy gehelp het om elkeen spesiaal te laat voel.**



## Agri SA-kongres



VKB was 'n borg by die Agri SA-kongres wat op 12 en 13 Oktober by Misty Hills op Muldersdrift gehou is. Die hooftema van die kongres was "Agri SA se strategiese vennootskappe is noodsaaklik vir 'n suksesvolle Suid-Afrika". Van die ander temas het gefokus op sommige van die huidige en ernstige risiko's in die landboubedryf in Suid-Afrika en op die behoefte vir vennootskappe om sodanige risiko's te versag of om daarby aan te pas op 'n wyse wat die langtermyn-volhoubaarheid van die bedryf sal verseker.
Verskeie gassprekers het by die geleentheid opgetree, waaronder Rachel Jafta, die voorsitter van Media24, Jaco Minnaar, die voorsitter van Graan SA, en dokter Antonie Gildenhuys, 'n afgetrede regter. Hein Wagner het ook 'n spesiale boodskap van hoop kom lewer.
VKB is trots en opgewonde dat Dan Kriek, een van VKB se direkteure, as die nuwe president van Agri SA verkies is. Ons wens hom alle sterkte toe.

## Hoofkantoor word ekstra groen

Ons kondig met trots die begin van ons VKB-herwinningsinisiatief aan!

Die huidige oogmerk is om alle papier van die daaglikse werksaamhede by VKB-hoofkantoor te herwin. Hierdie inisiatief is deur 'n Gaan Groen-komitee geloods in samewerking met VKB se departement vir gesondheid en veiligheid.

By VKB streef ons daarna om op 'n volhoubare manier besigheid te doen en om in die landboubedryf tendense in plek te plaas ten opsigte van die herwinning en die veilige wegmaking van afval.

Dit is in lyn met ons maatskappy se leuse "Vir die liefde van die land".

Elke ton papier wat herwin word, spaar 17 bome, gebruik 40% minder energie en 50% minder water.

Elkeen se hulp met hierdie projek sal 'n waardevolle bydrae wees tot die bewaring van ons lieflike planeet.

Dankie by voorbaat vir almal se deelname aan hierdie inisiatief.



## Inligtingsdag gehou op Reitz

'n Inligtingsdag is gehou op Woensdag, 18 Oktober 2017 in die VKB Opleidingslokaalsentrum, Reitz. 20 opkomende boere was teenwoordig by hierdie insiggewende dag.
Groot rolspelers van die dag was dr. Moses Maine (VKB), mnr. Khanya (VKB Makelaars), mnr. Phineas Molosi (VKB Finansiering), mnr. Piet Potgieter (VKB Ontwikkeling), mnr. Giepie Craffert (Graanbemarking), mnr. Johan van den Berg (Santam), mnr. Jan Ballot (Nulandis), dr. Willem Otto (Senseed) en Lafras Fouche (Omnia).
Verskeie hoofpunte is aangeraak, soos weerpatrone en optimale plantdatums, versekering, chemiese beheer, gewaspraktyke, grond en bemestingspraktyke, finansiering, graanvooruitsigte en bemarking.
Mnr. Piet Potgieter van VKB Ontwikkeling het ook 'n gewaskompetisie bekend gestel.



Wilco van Heerden, Hennie Fourie, Khaya Mashologu en James Williams



# Nuus

## NTK Thabazimbi kook op die skou

Thabazimbi doen nie 'n ding half nie. Hulle doen alles met oorgawe, nes hulle goeie diens aan boere en ander klante van die omgewing.
Toe dit skoutyd was in Thabazimbi, het hulle ook dit met oorgawe gedoen, en hulle het die vrugte gepluk: NTK is aangewys as die beste stalletjie in die betrokke kategorie waarin hulle ingedeel was.
NTK het gesorg vir pret tydens die skou met speletjies en gelukkige trekkings. Starkie, die Starke Ayres-mannetjie was ook daar om die jonges te vermaak. Maar NTK was ook sigbaar by die skou van diere. Hulle het letterlik die hele spektrum gedek.






## Meganisasie wys Case in aksie

Warmbad Meganisasie het 'n uiters suksesvolle demonstrasiedag aangebied op 'n plaas net buite Settlers. Die opkoms was uitstekend en die manne was werklik beïndruk met die Case-trekkers en -implemente wat gedemonstreer is.
Cobus Steenkamp het die dag op gepaste wyse met gebed geopen. Nadat teoretiese inligting oorgedra is en praktiese demonstrasies gelewer is, het die boere lekker gekuier by die plaaslike rolbalklub.



## NTK deel van Warmbad Veemark-skou

Die jaarlikse Landbouskou te Bela Bela het oor die jare verval tot 'n vlooimark en is later heeltemal gestaak.
'n Nuwe skou is onlangs by Warmbad Veemark, die ou veilingskrale buite die dorp, aangebied en met groot sukses. Dit was waarlik 'n landbouskou met topgehalte diere wat geskou is. En as die boer daar is, is NTK natuurlik daar. Meganisasie en Handel het stalletjies beman.




## Nelspruit hou skou

NTK is pens en pootjies in Nelspruit en het vanjaar deelgeneem aan die Mpumalanga Agriculture, Forestry and Tourism Show wat in die stad gehou is. Dit was die eerste keer wat hierdie skou aangebied is en was reeds 'n groot sukses. Daar was baie uitstallers wat al drie fasette wat die skou aangespreek het, verteenwoordig het. Dit het die skou baie interessant gemaak.
Besoekers kon eerstehands sien watter produkte NTK beskikbaar het om die landbouer se lewe te vergemaklik. Boonop het Agrinet 'n kragopwekker geborg en Vitafoam 'n koninggroottebed geborg wat besoekers aan die skou kon wen.
Die hoogtepunt was die optrede van Mango Groove die Saterdagaand wat mense van alle ouderdomme getrek het. Hulle optrede was puik.
En volgende jaar maak ons weer so!



Dirk saam met 'n besoeker aan die skou.

## Inligtingsvergaderings in Limpopo

In aanloop tot die Algemene Jaarvergadering van VKB wat in Reitz gehou is, is 'n aantal inligtingsvergaderings dwarsoor Limpopo gehou. Die opkoms was oor die algemeen bevredigend met die grootste aantal produsente wat by Tsekama Lodge, buite Modimolle, na professor Johan Willemse kom luister het.

Prof. Willemse is 'n bekende landbou-ekonoom wat waarde toegevoeg het tot elke produsent teenwoordig se boerdery. Hy het oor ekonomiese sake soos rentekoers en wisselkoers gepraat en wat die invloed daarvan is op elke produsent. Hy het egter ook oor spesifieke gewasse gepraat asook ook bees- en skaapboerdery en wat die ekonomiese vooruitskattings is.

Die aard en omvang van landbou het onder die vergrootglas gekom. Prof. Willemse se raad aan al die boere was om geleenthede in die landbou raak te sien en aan te gryp. Ten spyte van vele uitdagings in die landbou, is die geleenthede steeds daar.

Sy interessante toespraak is voorafgegaan deur 'n gepaste opening deur NTK-direkteur, Leon Eksteen. Francois Froneman het boere ingelig oor die stand van sake op finansiële gebied van NTK maar ook van die VKB Groep. Hy het boere bedank vir goeie besigheid, maar 'n beroep gedoen op groter ondersteuning van produsente.



Prof. Johan Willemse



## Farmers from Mokopane get advice

A farmers' day was recently held in the Mokopane district for emerging farmers. These farmers are hungry for information and knowledge.

The Department of Agriculture welcomed all to the day and gave NTK the opportunity to address the farmers. They are now keen to buy from NTK at Mokopane.



## Roedtan klant wen

Zirk van der Bank, 'n kliënt van NTK Roedtan, het 'n baadjie gewen in die Shell Olie-promosie op 210 liter olie. Callie Swan, bemarker van Roedtan, het die baadjie aan hom oorhandig en hy het dit sommer dadelik aangetrek.



## Vrolik op Modimolle Rugby-raai

Om gees by NTK se Nylstroom Handelstak te skep, word daar voor elke belangrike rugbywedstryd, 'n telling-raai gehou. Gewoonlik is daar 'n lekker prys op die spel. Niemand het die telling teen die All Blacks reggeraai nie en het in skok die telling gevolg. Maar daar was darem ander kere wenners wat veral teen Frankryk reggeraai het.



Jorrie oorhandig 'n prys in die rugby-raai.

NTK is a world class leader in agricultural business. David Kekana received this prestigious Diamond Arrow PMR Africa award on behalf of NTK.



## Tolwe in beeld

Die Wintermark-jolyt wat die Boerevereniging van Tolwe in samewerking met NTK aangebied het, was werklik 'n jolige affêre, maar kyk gerus self na die foto's – dit vertel die hele storie.



Henna en Candice du Plessis. Henna was die gelukkige wenner van 'n boerdery-gereedskapskas by die Wintermark-jolyt se NTK-stal.









# DIE Pad Saam




*Die Pad Saam* is 'n tydskrif in A4-formaat wat onder die vaandel van VKB Groep gepubliseer en versprei word.
6 500 eksemplare word maandeliks aan lede van VKB en NTK gepos en die res by die handelstakke versprei. Die inhoud van die tydskrif fokus hoofsaaklik op landbounuus, maar daar word ook aandag geskenk aan gesondheidsake, regsaspekte – veral oor werknemers- en werkgewersaangeleenthede – nuusbrokkies oor VKB- en NTK werksaamhede en profielartikels oor lede wat presteer of interessante stokperdjies bedryf.

*Die Pad Saam* is a magazine in A4 format that is published and distributed under the auspices of VKB Group.
6 500 copies are posted to members of VKB and NTK and the rest at the different branches and outlets. The focus of the content of the magazine falls on agricultural news,
but attention is also given to health issues, legal aspects regarding employees' and employers' rights, news flashes about what's happening at different
branches of VKB and NTK, and profile editorials about members' achievements and interesting hobbies.

| Tariewe vir 2017/2018 Fokusse | | Rates for 2017/2018 | |
|---|---|---|---|
| Feb/Mrt 2018 | Boere en hul finansies | 30 Desember 2017 | 10 Januarie 2018 |
| Apr/Mei 2018 | Dieregesondheid | 28 Februarie 2018 | 10 Maart 2018 |
| Jun/Jul 2018 | Meganisasie | 28 April 2018 | 10 Mei 2018 |
| Aug/Sept 2018 | Insetverskaffing/Besproeiing | 30 Junie 2018 | 10 Julie 2018 |
| Okt/Nov 2018 | In en om die Huis | 30 Augustus 2018 | 10 September 2018 |
| Des 2018/Jan 2019 | Tuin | 30 Oktober 2018 | 10 November 2018 |

vir die **LIEFDE** van die **LAND** | www.**vkb**.co.za





nie net jou gewone
# LANDBOU TOEP

- **Kry huidige en vooruit Safex-pryse vir kommoditeite, wat wit- en geelmielies, sojabone, koring, sonneblom en sorghum insluit.**
- **Gedetailleerde prysgrafiek vir elke kommoditeit.**
- **Ander aanwysers sluit in USD, EUR, Brent ru-olie en beespryse.**
- **Twee weeklikse Afrika- en Noord-Amerika-reënval weerkaarte.**
- **U ligging se huidige weer.**
- **Ingetekende gebruikers kan toegang tot 'n opsomming van hul opbergings-graan en vooruitkontrakte bekom.**

## Hoe om te **registreer?**

### 1 Laai toep af





Soek die toep by die "App store" vir 'n *IOS* slimfoon of by "Google play" vir 'n *Android* slimfoon en laai dit af.

Installeer die toep op jou slimfoon en maak die toepassing oop.

**Kliek op registreer.**

### 2 Voltooi registrasievorm





Vul jou besonderhede by die registrasievorm in.

Kies 'n unieke wagwoord met 'n minimum van 8 karakters.

**Druk stuur.**

### 3 Teken Aan




Teken aan en geniet al die voordele wat die toepassing jou bied.

**Kyk gereeld uit vir NUWE ontwikkelings op die toep**



# More pull. More plough. More performance.

Now getting the most out your machinery is so much easier with our speciality lubricants and fuels. Scientifically designed to keep every running part moving smoothly, they reduce wear and tear and prevent cost inflicting breakdowns. Ensuring that everything runs as it should and you are able to reap your hard earned rewards.

TOTAL LUBRICANTS

*laat dit glad loop*